

DIE POTENSIAAL VAN DIE MAGALIESBERGE VIR


ONTSPANNINGSDOELEINDES

MET SPESIALE VERWYSING NA DIE

WINS- EN- VERLIESKRUISPUNTANALISE VAN TOERISME.

Hiermee verklaar ek dat:

Alle afleidings en gevolgtrekkings in die verhandeling my eie is en dat geen ander persoon of instansie verantwoordelik gehou kan word vir die korrektheid daarvan nie.



P.C. Oosthuysen
POTCHEFSTROOM
Desember 1982

DIE POTENSIAAL VAN DIE MAGALIESBERGE VIR
ONTSPANNINGSDOELEINDES
MET SPESIALE VERWYSING NA DIE
WINS- EN- VERLIESKRUISPUNTANALISE VAN TOERISME

DEUR

PIETER CORNELIS OOSTHUYSEN
(Honns. B. Comm.)

Die verhandeling is voorgelê ter gedeeltelike voldoening (60%)
aan die vereistes wat neergelê is deur die Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die graad

MAGISTER COMMERCII
(Bedryfsrekeningkunde.)

Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager	-	Studieleier
Prof. Dr. M.L. Hugo	-	Hulpstudieleier

Desember 1982

VOCRWOORD

Langs hierdie weg betuig ek my hartlike dank aan almal wat my bygestaan het en behulpsaam was tydens die duur van my studie, en in besonder die volgende persone:

Prof. Dr. A.J.E. Sorgdrager, vir sy leiding, ondersteuning, aanmoediging en motivering

My ouers en die res van die gesin vir al die opofferings, ondersteuning en aanmoediging

Mev. H. Blom vir die netjiese tikwerk

Ook n woord van besondere dank aan alle instansies en persone wat my van inligting voorsien het

AAN GOD AL DIE EER !

POTCHEFSTROOM

DESEMBER 1982

Opgedra aan my ouers en my familie

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
LYS VAN TABELLE	I
LYS VAN KAARTE EN FIGURE	III
LYS VAN BYLAES	IV
BEGRIPSOMSKRYWING	V
HOOFSTUK 1	
Inleiding en doel van studie	1
HOOFSTUK 2	
Die potensiaal van die Magaliesberg vir ontspan- ningsdoeleindes, n oorsig.....	8
HOOFSTUK 3	
Finansiële beplanning	25
HOOFSTUK 4	
Kapitale koste en die kapitalisasie daarvan	40
HOOFSTUK 5	
Die ontleding van koste betrokke by so n projek	58
5.1 Koste - die omskrywing en die klassifisering daarvan	60
5.2 Die koste benodig vir die aantrekking van toeriste na die plase by die Magaliesberge	65
5.3 Koste-minimisering	104
HOOFSTUK 6	
Inkomste - belangrike aspekte daarvan	106
HOOFSTUK 7	
n Wins- en- verlieskruispuntanalise van verskillende akkommodasietipes	117

HOOFSTUK 8

n Samevatting van en gevolgtrekkings vanuit die studie	130
BYLAES	133
GERAADPLEEGDE LITERATUUR	174
ENGLISH SUMMARY	178

=====

TABELLE

BLADSY

2 - 1	Die stedelike plattelandse bevolking: 1980....	10
2 - 2	Persentasie van bevolking woonagtig in die metropolitaanse gebied	12
2 - 3	Styging in brandstofpryse vir die afgelope vyf jaar in sent per liter	13
2 - 4	Die lopende koste per kilometer in sent per liter	13
2 - 5	Buitelugontspanningspatrone in die PWV-gebied (1979)	22
3 - 1	Gemiddelde opbrengskoers op kapitaal belê in vakansiecorde in Engeland	30
3 - 2	n Kontantvloekaart - n voorbeeld	33
4 - 1	n Navorsings- en ontwikkelingsbalansstaat.....	48
4 - 2	Opsomming en bepaling van koste wat gekapitaliseer kan word	56
5 - 1	Bouplanfooie betaalbaar aan TROBG	67
5 - 2	Die koste van waterpype	73
5 - 3	Die standaard toerusting en meubelment in n vakansiehuis	83
5 - 4	Beraarde reklame besteding in die RSA, 1970 tot 1976 (R1 000)	85
5 - 5	Die persentasie verspreiding van besoekers volgens beroepe	87
5 - 6	Algemene geldklassifiseerde tarief vir advertensiekoste	88
5 - 7	Die gemiddelde koste van n ontbyt vir een persoon	91
5 - 8	Die gemiddelde koste van n kospakkie vir een persoon	93
5 - 9	Die gemiddelde koste van n aandete vir een persoon	94
5 - 10	Die persentasie verspreiding van vakansiefamilies na aanleiding van die getal kinders..	95
5 - 11	Die persentasie verspreiding van kinders in die besetting van die verskillende akkommodasietipes, volgens die ouderdom van die kinders	96

TABELLE

BLADSY

5 - 12	n Opsomming van die hoeveelheid geld wat geleen is en die rente- terugbetaling wat gedo-n moet word	101
5 - 13	n Opsomming van die totale koste vir die eerste jaar	103
6 - 1	Tariewe wat vir berekeningdoeleindes gebruik gaan word	114
7 - 1	Opsomming van die inligting gebruik vir die wins- en- verlieskruispuntanalise.....	125
7 - 2	Opsomming van die wins- en- verlieskruispuntanalise resultate.....	126
7 - 3	n Vergelyking tussen resultate van n hout-huis indien geld geleen word en indien die boer van eie kapitaal of subsidies gebruik maak	124
7 - 4	n Opname oor vakansiehuisvesting in die Hoër-Oranje streek	127
7 - 5	Die persentasie verspreiding van gesinne met betrekking tot die aantal dae in n vakansiehuisvesting gebly	128

LYS VAN KAARTE EN FIGURE

BLADSY

KAARTE

No. 1	Streke vir ontwikkelingsbeplanning	11
No. 2	Bergklimplekke in Suid-Afrika	77

FIGURE

1 - 1	Die doel waarna gestreef word tydens die projek...	2
1 - 2	Die bestanddele benodig vir die projek	7
2 - 1	Dagryersone van die Witwatersrand	18
3 - 1	Sleutel tot n suksesvolle besigheid	39
4 - 1	Skematiese voorstelling van totale gebruikskoste..	45

A	Die Magaliesbergbeskermingsvereniging.....	133
B	n Lys van besienswaardighede in die Magaliesberge ...	136
C	n Voorbeeld van n brosjure soos uitgegee deur n beesboer met akkommodasiegeriewe op sy plaas	138
D	n Lys van die standaard eetgerei en breekware in n vakansiehuis	140
E	Algemene vereistes vir toestemmingsgebruike soos verlang deur die TROBG	142
F	Standaard vereistes vir terreinontwikkelingsplan- ne soos verlang deur die TROBG	144
G	Standaardvereistes vir openbare oorde soos ver- lang deur die TROBG	147
H	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n kamer in die woonhuis wat verhuur word.....	155
I	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n houthuis wat verhuur word	157
J	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n asbeshuis wat verhuur word	161
K	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n steeshuis wat verhuur word	163
L	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n enkelvertrek woonstel wat verhuur word	165
M	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n rondawel wat verhuur word	168
N	n Wins- en- verlieskruispuntanalise van n woonwapark en kampeerterrein	171

BEGRIPSOMSKRYWING

PWV-gebied	- Dit sluit die Pretoria, Witwatersrand en Vaaldriehoek gebiede in.
TROBG	- Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede.
Risikofaktor	- Dit is 'n faktor wat 'n bepaalde onsekerheid binne 'n sekere tydperk aandui. Die onsekerheid is van so 'n aard dat dit die sukses van 'n sekere projek aansienlik kan beïnvloed.
Bedryfskapitaal	- Dit omvat die vlottende bates en- laaste wat binne 'n normale bedryfsiklus gerealiseer, verkoop of vereffen word. Die vlottende laaste word gewoonlik uit vlottende bates betaal.
Langtermynkrediet	- Dit moet as vreemde kapitaal gesien word. Vreemd in die sin dat dit nie deur die eienaars as sodanig nie, maar deur derde partye voorsien word. Die termyn hierby betrokke is langer as vyf jaar.
Mediumtermynkrediet	- Dit is dieselfde as langtermynkrediet, die termyn word egter net op vyf jaar gestel.
Korttermynkrediet	- Dit sluit gewoonlik bank krediet in wat binne 'n jaar afgelos of teruggetrek kan word.
Rentabiliteit	- Die wins van 'n bepaalde periode uitgedruk in 'n persentasie van die kapitaal waarvan dit gekweek is.

1. INLEIDING EN DOEL VAN STUDIE

1.1 Inleiding, probleemstelling en doelstelling

1.2 Metode van ondersoek

1.3 Indeling van studie

1.4 Metode van aanhaling

1.5 Die bestanddele benodig vir die projek

1. INLEIDING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding, probleemstelling en doelstelling


Beplanning en kostebepaling is vir byna alle ondernemings baie belangrik. Waar hierdie studie gaan oor n projek wat nog nie in Suid-Afrika op die proef gestel is nie, kan dit van groot waarde wees. Aangesien die tipe projek in Suid-Afrika onbekend is, is daar slegs n beperkte aantal literatuur oor die onderwerp beskikbaar. Dit is in wese n praktiese studie, daarom word die kostesyfers en- gedragspatrone op eie navorsing gebaseer.

Weens die toenemende verstedeling van die mens word die plattelandse gebiede en spesifiek die plase ontvolk, gevolglik word die plase blootgestel aan vernieling en verwerping (sien hoofstuk 2). In die Magaliesberge het die situasie ontstaan dat die boere wat finansieël nie baie sterk staan nie, n toenemende negatiewe houding jeens die stedeling kry.

Met die toenemende vraag na buitelugontspanning in en om die PWV- gebied, is dit die doel van die studie om die boer op moontlike finansiële voordele te wys wat verkry kan word deur die beskikbaarstelling van sy plaas vir ontspanningsdoeleindes.

Die doel waarna gestreef word tydens die projek kan skematies met behulp van n siklus soos in Figuur 1-1 voorgestel word.

FIGUUR 1-1



Die volgende redes kan vir die projek gegee word:

- a. Om die boere n addisionele bron van inkomste te gee.
- b. Verbetering van die finansiële toestand van die boere lei tot verbetering van die omgewing in en om die Magaliesberge.
- c. Die voldoening aan die vraag na buitelugontspanning.
- d. Die bewaring van die Magaliesberge met al sy natuurskoonheid.
- e. Die stedeling te wys wat op die plaas aangaan veral die kinders wat dikwels glad nie familie het, wat n plaas besit nie.

1.2 Metode van ondersoek

Inligting is verkry uit briefwisseling, besoeke aan die Magaliesberge, besoek aan die Transvaalse Raad vir Ontwikkeling van die Buitestedelike Gebied, Bester Wonings van Pretoria, aantekeninge verkry van Prof. M.L. Hugo van die Departement Geografie, P.U. vir C.H.O., die Outomobiel Assosiasie, en ander.

1.3 Indeling van studie

As n nuwe projek aangepak word kan drie fases saamgestel word waaraan oorweging geskenk moet word in die normale loop van omstandighede (Klink, 1980, p.10).

Die indeling van die studie geskied volgens die drie fases.

1.3.1 Voorbeplanningfase

Dit behels navorsings oor die huidige markomstandighede ten einde n behoeftebepaling te kan doen. Verskillende areas moet ondersoek word om te bepaal watter areas geskik vir sekere spesifieke doeleindes sal wees asook die evaluering van beskikbare grond.

Hoofstuk 2 Die potensiaal van die Magaliesberge vir ontspanningsdoeleindes, n oorsig

In die hoofstuk word daar gekyk na die ontspanningsmoontlikhede in die Magaliesberge. Daar word ook gewys op die noodsaaklikheid van addisionele buitelugontspanningsgeleenthede met spesiale verwysing na die bevolkingskonsentrasie in die PWV- gebied. (Pretoria, Witwatersrand en Vaaldriehoek.)

1.3.2 Die beplanning- en ontwerpfasie

Hier moet uitvoerbaarheidstudie gedoen word ten einde 'n waardering van voorgestelde projekte te kan maak. Uitvoerbaarheidstudie sluit die volgende in:

- a. Volledige vraag-analise
- b. Kontantvloei projeksie
- c. Finansiële beplanning
- d. Opstelling van vooruitgeskatte rekeningkundige planne
- e. Ingenieursstudies

Die hoofstuk indeling onder die punt is soos volg:

Hoofstuk 3 - Finansiële beplanning

In die hoofstuk word meer lig gewerp op die effektiewe aanwending van 'n beperkte hoeveelheid geld beskikbaar. Die finanseringskoste indien geld geleen word, word ook bespreek.

Hoofstuk 4 - Kapitale koste en die kapitalisasie daarvan

Ten einde die kapitaalkoste effektief te administreer, word daar na drie punte gekyk:

- i. Beplanning

- ii. Evaluasie
- iii. Kontrole

In die tweede helfte van die hoofstuk word die kapitalisasie van spesifieke koste omskryf en bespreek.

1.3.3 Ontwikkelingsfase

Die stadium omvat 'n volledige kostebepaling vir die oprigting en ontwikkeling van so 'n projek en deur die inkomste te beraam kan 'n wins- en -verlies- kruispuntanalise gedoen word.

Die verdere hoofstuk indeling onder die punt, is soos volg:

Hoofstuk 5 - Die ontleding van koste verbonde aan so 'n projek

Die verskillende tipes koste is omskryf en bespreek onder die volgende hoofpunte:

- 5.1 Inleiding
- 5.2 Vooroprigtingskoste
- 5.3 Die oprigting of herstel van akkomodasie
- 5.4 Die oprigting of herstel van ander fasiliteite - ontspanning
- 5.5 Die koste om akkomodasie toe te rus
- 5.6 Advertensie
- 5.7 Kosvoorsiening
- 5.8 Bokoste

Hoofstuk 6 - Inkomste - belangrike aspekte

In die hoofstuk word aandag geskenk aan die winsbeplanning asook die belangrikheid van tariefbepaling.

Hoofstuk 7 - 'n Wins- en verlieskruispuntanalise

In die hoofstuk word bepaal hoeveel dae akkomodasie beset moet wees, ten

einde gelyk te breek. Daar word gekyk na sewe soorte akkommodasie. Die rentabiliteitspersentasie word ook bepaal ten einde te bepaal watter alternatiewe die beste moontlikhede toon.

Hoofstuk 8 Samevatting en gevolgtrekking vanuit die studie

1.4 Metode van aanhaling

In die verhandeling word gebruik gemaak van tabelle en bylaes ten einde inligting aan te haal. Die Afkorting vir die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, TROBG, wat gereeld in die verhandeling gebruik en bylaes E, F en G kan na verwys word om meer inligting te verkry oor die standaardvereistes soos gestel deur die TROBG. 'n Lys van die tabelle en bylaes waarna verwys kan word, verskyn in die inhoudsopgawe.

1.5 Bestanddele benodig vir die projek

Die bestanddele benodig vir die projek kan met behulp van die volgende Figuur 1 - 2 verduidelik word.

FIGUUR 1-2



HOOFSTUK 2

DIE POTENSIAAL VAN DIE MAGALIESBERGE VIR ONTSPANNINGS-
DOELEINDES: n OORSIG

Sinopsis

In die hoofstuk word gekyk na die potensiaal vir ontspanning in die Magaliesberge, veral met die oog op die toenemende verstedeliking van die mense. Daar word ook verwys na die noodsaaklikheid van addisionele buitelug-ontspanningsgeleenthede in die PWV- gebied, veral met die klem op die bevolkingskonsentrasie in die gebied. Die moontlikheid van die Magaliesberge as n natuurreservaat word ook bespreek.

2. DIE POTENSIAAL VAN DIE MAGALIESBERGE VIR ONT-
SPANNINGSDOELEINDES: n OORSIG
- 2.1 Inleiding
- 2.2 Die belangrikheid van die gebiede om die PWV-
kompleks
- 2.3 Die invloed van verstedeliking op toerisme
- 2.4 Voordele wat die oopstel van plase vir die boer
en sy mense kan inhou
- 2.5 Nadele of probleme wat die boer kan ondervind
- 2.6 Die plaaslewe en die stedeling
- 2.7 Die Magaliesberge as n natuurreservaat
- 2.8 Die gebiede wat betrek word by die projek
- 2.9 Samevatting

2. DIE POTENSIAAL VAN DIE MAGALIESBERGE VIR ONTSPANNINGS-DOELEINDES: n OORSIG

2.1 Inleiding

Die ontvolking van die platteland na die stede, dit word verstedeliking genoem, toon jaar na jaar n stygende tendens. Uit n ontleding van tabel 2-1 hieronder word gesien dat veral die blankes en die Asiërs feitlik heeltemal verstedelik is. (Die amptelike definisie van stedelike gebiede, soos deur die Departement van Statistiek aanvaar vir die 1970 sensusopname lui as volg: "Stedelike gebiede word gekenmerk aan n stad of dorp, met een of ander vorm van plaaslike owerhede wat kragtens wetgewing tot stand gebring is, soos n stadsraad, dorpsbestuur, dorpsraad, gesondheidskomitee of plaaslike en openbare gesondheidsgebiede.") (Joubert, 1979, p.32.)

TABEL 2-1 Die stedelike-plattelandse bevolking: 1980

	Blankes	Kleurling	Asiërs	Swartes	TOTAAL
Stedelik	3871011 (88.7%)	1976144 (77.4%)	725383 (91.3%)	6033443 (38%)	12605981 (53.4%)
Plattelandse	493048 (11.3%)	577927 (22.6%)	69256 (9.7%)	9859139 (62%)	10999370 (46.6%)
TOTAAL	4364059 (100.%)	2554071 (100%)	794639 (100%)	15892582 (100%)	23605351 (100%)

Bron: Greyling, 1982, p.12.

Anon. (1981, p.80.) het opgemerk dat, "daar word voorsien dat die totale bevolking van die FWV- kompleks gedurende die eersvolgende twee dekades met sowat 38 persent per jaar sal toeneem vanaf die huidige 5,0 miljoen tot 8,6 miljoen." Vir n duidelike beskrywing van die FWV- kompleks verwys na kaart no. 1, sowel as punt 2.2 hieronder.


STREEK VII
ONTWIKKELINGSBEPLANNING
REGIONS
FOR DEVELOPMENT PLANNING

KAART No. 1

-  ON-THANKLIKE STATE
INDEPENDENT STATES
-  SELF-REGERING NATIONALE STATE
SELF GOVERNING NATIONAL STATES
-  METROPOLITAANGEBIEDTE
METROPOLITAN AREAS
-  DEKONSENTRASIEPUNTE
DECONCENTRATION POINTS
-  NYWETHEKUSONTWIKKELINGSPUNTE
INDUSTRIAL DEVELOPMENT POINTS
-  NYWETHEKUSONTWIKKELINGSPUNTE EN
DEKONSENTRASIEPUNTE IN NATIONALE STATE
INDUSTRIAL DEVELOPMENT POINTS AND
DECONCENTRATION POINTS IN NATIONAL STATES
-  NATIONALE ONTWIKKELINGSTREEKE
NATIONAL DEVELOPMENT REGIONS
-  BEPLANNINGSTREEKE
PLANNING REGIONS

APR 1992

Plan 0054124



Bron:

ANON 1080 Suid-Afrikaanse oorsig van 10

2.2 Die belangrikheid van die gebiede om die PWV-kompleks

Die PWV-kompleks (Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-kompleks) vorm die sosiale en ekonomiese swaartepunt van Suider-Afrika.

Die belangrikheid van die PWV-kompleks binne die nasionale raamwerk blyk daaruit dat hierdie gebied, wat slegs ongeveer 2% van die totale oppervlakte van die Republiek van Suid-Afrika beslaan, sowat 20 persent van die totale bevolking en 40 persent van die blanke bevolking van Suid-Afrika, huisves. (Anon. 1981, p.75.) In tabel 2-2 word aangetoon wat die posisie in 1980 was.

TABEL 2-2

PERSENTASIE VAN TOTALE BEVOLKING (SLEGS 'BLANKE'GEBIEDE VAN RSA) WOONAGTIG IN DIE METROPOLITAANSE GEBIEDE

Bevolkings	Jaar	Metropolitaanse gebiede *				
		Groter Kaapstad	PE-Uitenhage	Durban Pine-town-PMB	PWV	TOTAAL
		%	%	%	%	%
Blankes	1970	12,15	4,25	9,14	40,12	65,65
	1980	13,08	3,82	9,33	41,33	67,56
Kleurlinge	1970	36,73	6,10	2,88	6,61	52,32
	1980	39,27	5,98	2,82	7,03	55,10
Asiërs	1970	1,82	0,14	74,41	11,25	87,62
	1980	1,94	0,87	74,38	12,35	89,54
Swartes	1970	1,59	2,92	5,70	29,26	39,48
	1980	2,11	3,39	4,93	33,01	43,44
TOTAAL	1970	9,10	3,61	9,07	28,14	49,92
	1980	10,40	3,77	8,92	30,32	53,41

* Hierdie metropolitaanse gebiede sluit ook nie-stedelike komponente in.

Bron: Greyling, 1982, p.12.

Die populasie ontploffing tesame met die stygende brandstof- en vervoerkoste beklemtoon slegs die belangrikheid van die gebiede om die metropolitaanse gebiede en wel om die volgende redes:

- a. Die bewaring van natuurskoonhede in en om die metropolisse van die toekoms.
- b. Buitelug ontspanning binne dagry afstand van die stad af. (Verwys na 2.4.4 vir n skematiese voorstelling van die dagryersone om die PWV-gebied).
- c. Produksie van verskeie produkte, wat vinnig en teen n laer vervoerkoste aan naby geleë markte voorsien kan word, word bevorder.

Die stygende brandstof- en vervoerkoste word in die onderstaande tabelle duidelik weergegee.

TABEL 2-3 STYGING IN BRANDSTOFFRYSE VIR DIE AFGELOPE VYF JAAR IN SENT PER LITER

Oktaangehalte	1977	1982	Styging	% Styging
87 Oktaan	28,2	64,5	36,3	56,6
93 Oktaan	27,8	65,5	37,7	57,6

Bron: Automobiel Assosiasie, 1982.

TABEL 2-4 Die lopende koste per kilometer in sent per kilometer

Grootte van enjin in kubieke sentimeter	1977	1982	% Styging
Tot met 1 300	10,57	22,07	52
1 500 tot 2 500	13,13	25,03	47,5
2 500 en groter	15,66	31,03	49,5
Sê n gemiddelde is:	13,2	26	49,2

Bron: Automobiel Assosiasie, 1982.

Die lopende koste per kilometer sluit die volgende in:

- Slytasie op alle onderdele
- Brandstof verbruik.

Die invloed van vervoerkoste op die beursie van 'n vakansieganger kan soos volg aangetoon word:

Die volgende inligting is beskikbaar: 'n Gesin vertrek met vakansie vanaf Johannesburg na 'n vakansieoord aan die Natalse kus, die totale afstand wat gery word is 1 500km. Die gemiddelde lopende koste per kilometer word gebruik ten einde die vervoerkoste vir die vakansie te bepaal. (Tabel 2-4)

Die totale vervoerkoste = Kilometer x Lopende koste
per kilometer.

$$= 1\,500 \times R0,26$$

$$= \underline{R390}$$

Indien dieselfde gesin na die Magaliesberge ry behoort die totale afstand wat gery word, ongeveer 450 km. te wees.

Die totale vervoerkoste = Kilometer x Lopende koste
per kilometer

$$= 450 \times R0,26$$

$$= \underline{R117}$$

Die besparing op vervoerkoste = Kusoord - Magaliesberge

$$= 390 - 117$$

$$= \underline{R273}$$

Opmerking: Indien die 49% styging in die lopende vervoerkoste, homself elke vyf jaar herhaal behoort die lopende koste per kilometer aan die einde van die eeu ongeveer R0,364 te wees. Die totale vervoerkoste vir 'n vakansie by die kus, beloop dan ongeveer

R1300. Die syfer is egter onrealisties want dit is onwaarskynlik dat die koste met so n hoë persentasie elke vyf jaar sal styg. Daar kan egter sonder twyfel gesê word dat die vervoerkoste nog geweldig gaan styg, veral met die oog op die moontlike uitputting van die bronne.

Dit is gevolglik duidelik dat die vervoerkoste in die toekoms n demper op Suid-Afrikaanse Toerisme bedryf gaan plaas. Die mense gaan gedwing word om die minimum te reis tydens n vakansie. Daarom moet die vakansie-oorde nader aan die potensiële toeriste in die Metropolisse gebring word, indien moontlik. In die proses om die buitelugontspanningsaktiwiteite nader aan die groot stede te bring, moet daar navorsings gedoen word in moontlike potensiële ontspanningsgebiede.

Daar word tans navorsingstudies in die Magaliesberge en in die Vaalrivier onderneem omdat dit nog relatief naby die stede geleë is. In die proses van afwagting vir kopers om grond in stedelike erwe te omskep, raak die landbougrond nutteloos vir boerdery-aktiwiteite. Die rede hiervoor is dat die boere nie meer aandag aan die grond gee nie en sodoende neem die vrugbaarheid van die grond af. Hier is gevolglik n landbou vervalsonde, waarvan die grondpryse hoog is, in afwagting vir opvolging en vernuwing deur stedelike funksies.

Gevolglik word die grond buite verhouding hoog met betrekking tot die inherente landbou potensiaal van die grond gewaardeer. Die gevolg is dat die boere n lae persentasie opbrengs op kapitale beleggings kry. Die boere sukkel om kapitaal te verkry en is nie vooruitstrewend nie. Dit kan lei tot verstedeliking en in die proses word een van Suid-Afrika se natuurlike wonderwerke onbewaak agtergelaat.

2.3 Die invloed van verstedeliking op toerisme (Sien Hugo, 1975, p.38)

Die toenemende ontvolking van die platteland het aan-

leiding gegee tot n populasie konsentrasie in die Metropolitaanse gebied. Die bevolkingskonsentrasie in die stede het die tekorte aan buitелugontspanningsoorde duidelik bloot gelê. Die invloed van verstedeliking op toerisme kan aan die hand van die volgende punte getoon word:

- 2.3.1 As gevolg van die digtheid van die populasie ontstaan daar n groter vraag na ontspanningsgeleenthede.
- 2.3.2 Die stedeling is op soek na n plek waar hy rustig kan ontspan weg van al die geraas van motors en die gejaagdheid van die stadslewe.
- 2.3.3 Kommunikasie is beter in die stede veral wat openbare vervoerdienste, per kapita motor besit en ander bevorderingsmedia soos koerante betref.
- 2.3.4 Die stygende grondwaardes in die stede, die tekort in ruimte lei alles tot die steeds groter wordende behoefte by die stedeling om in die buitелug vakansie te gaan hou.

Die PWV-kompleks beskik op die stadium (klasaantekeninge, Hugo 1982) nie oor genoegsame hoeveelheid ontspanningsoorde soos Durban, Port Elizabeth en Kaapstad nie. Navorsing het aan die lig gebring dat alle vakansieoorde, wildreservate, voetslaanpaaie en ander ontspanningsplekke reeds maande vooruit vol bespreek is.

Die tekort aan buitелugontspanningsgeleenthede het daartoe gelei dat die stedeling sonder magtiging op die boere se plase gaan berg- of rotsklim of gaan piekniek hou het. Dit lei weer tot rommelbestrooiing aangesien daar nie voorsiening gemaak is vir vullisblikke nie. Al die faktore het bygedra tot die agteruitgang van die omgewing en n steeds toenemende negatiewe houding van die boer teenoor die stedeling en ontspanningsoeker. Die houding van die boere is verklaarbaar.

Gevolgtlik is dit vir die boere moeilik om te glo dat

mense wat van die stad af kom enigsins n sin vir natuurbewaringsprojekte het. Weens die finansiële posisie van die boere (Verwys na hoofstuk 3) is dit slegs moontlik om deur middel van die finansiële voordeel en ander voordele wat die boere kan verkry, n positiewe gesindheid by boere te kan ontwikkel jeens die projek.

- 2.4 Voordele wat die oopstel van plase vir die boer en sy mense kan inhou. (Klas aantekening van Hugo, 1982.)

2.4.1 Inleiding

By die oopstel van plase vir ontspanningsdoeleindes kom daar sekere voordele vir die boer duidelik na vore. Die voordele word in vier kategorieë onderverdeel wat onder die volgende hoofpunte bespreek gaan word:

- 2.4.2 Sosio-ekonomiese voordele
- 2.4.3 Ekologiese voordele
- 2.4.4 Ontspanningsvoordele
- 2.4.5 Bewaringsvoordele

2.4.2 Sosio-ekonomiese voordele

- a. Addisionele werksgeleenthede
- b. Addisionele kontant inkomste
- c. Skepping van lokale mark vir eie produkte bv. deur etes te voorsien of deur groente, melk en vleis aan toeriste te verkoop.

2.4.3 Ekologiese voordele

- a. Boer word bewus van die uitsonderlike potensiaal en waarde van hul grond.
- b. Grond se waarde styg as gevolg van ontspanningspotensiaal.
- c. Minder vrugbare, ruwe terrein kan omskep word en later die grootste bron van inkomste vir die boer wees.

- c. Dit lei tot n ander tipe vakansie wat nie net ingestel is op die sogenaamde normale ontspanningsfasiliteite nie. Die opvoedkundige aspek van die vakansie kom na vore, waar die kind fisies met die plaas aktiwiteite te doen kry.

2.4.5 Bewaringsvoordele

Die tipe vakansie behoort die stedeling se liefde vir die natuur en die natuurlewe slegs tot voordeel te strek. Dit lei tot n groter bewaringsbewustheid, want deur slegs n bietjie naslaanwerk te doen kan die boer die besoekers meer inligting gee aangaande die verskillende plante en hul geskatte ouderdomme en sodoende die bewaringsbewustheid by die besoeker aan wakker.

n Natalse boer, mnr. Graham Stewart, het n eg tradisionele Zoeloe-kraal op sy plaas, Stewart's Farm. Mnr. Stewart het n Zoeloe toordokter en- hoofman gekry om vir hom te werk deur dag na dag by die kraal te sit en tradisionele leefwyse van die Zoeloe aan besoekers te demonstreer.

Mnr. Stewart het die kraal gemoderniseer deur stoele en tafels onder n grasdak te laat aanbring vir toeriste om daar te sit en iets te nuttig. Besoekers aan Stewart's Farm kan in Zoeloe-hutte met moderne geriewe oornag. Aanvanklik het die projek nie aftrek gekry nie, en dit was ook bloot toevallig dat n klompie toeriste hierdie plaas ontdek het.

Mnr. Stewart het sy projek by die reisburo gaan bekendstel en begin met advertensies. Namate die besoekers in getalle toegeneem het, het die geriewe uitgebrei. Die ingang van elke hut is verander om n deur te hou.

Die Zoeloe-projek was van soveel waarde dat n taalburo in Johannesburg van sy studente in Zoeloe op gereelde kursusse na Stewart's Farm stuur sodat hulle die omgewing en die tradisies van die Zoeloe beter onder die knie kan kry.

Sy baanbrekerswerk vir Zoeloe's het tot n onverwagte uitvloeisel gelei - n krokodilboerdery.

Mnr. Stewart het drie krokodille, twee jagluiperds, 'n paar njala's en impalas aangeskaf as besienswaardighede vir die besoekers'. Weens die gesogtheid van die krokodil se vel het mnr. Stewart 'n vooruitsig van 'n addisionele inkomste, indien hy sy krokodilboerdery uitbrei, wat hy toe ook gedoen het.

Bron: Die Landbouweekblad,
Malherbe 1982, p.68.

Daar is egter ook 'n paar nadele wat in die volgende punt bespreek sal word.

2.5 Nadele of probleme wat die boer kan ondervind

Enige projek het, tesame met sy voordele, 'n paar probleme of nadele waarmee rekening gehou moet word. Die probleme wat die boer kan ondervind, met die oopstel van plase, kan soos volg saamgevat word:

- a. Om besoekers deeglik in te lig, kan dit 'n hele tydjie van die boer se werkstyd in beslag neem.
- b. Kinders kan lastig wees en kan beseer word as hulle tussen plaasimplimente en diere speel.
- c. Akkerbou leen homself nie so ideaal vir 'n vakansie toe nie, want dit is nie interessant nie.
- d. Suksesvolle boere sal moeiliker wil meedoen aan so 'n vakansieplaas-projek. Die minder suksesvolle boer sal weens die moontlike finansiële voordeel dit wil meemaak. Die gebruikmaking van professionele hulp vir onderlig en leiding is egter 'n moet ten einde werklik 'n sukses te maak.

2.6 Die plaaslewe en die stedeling

Aangesien slegs 11 persent van die blanke bevolking

tans op die platteland woon (Greyling, 1982, p.13) en as gevolg van die toenemende verstedeling van die blanke sal familiebande met plaasbewoners in die toekoms iets vreemds wees.

Die boer en sy boerdery-bedrywigheide sal vir die kinders iets wees waarvan daar slegs in boeke gelees en op televisie gesien word. Dit is gevolglik in almal se belang dat die stedeling weer nader gebring word aan die plaaslewe en die probleme daaraan verbonde ten einde beter onderlinge verhoudings te kweek. Die kinders kan geleentheid kry om koeie te melk, trekker te ry en die verrigtinge in die dag op die plaas dop te hou.

Daar bestaan in Suid-Afrika n boer wat vakansie-akkomodasie geriewe op sy beesplaas aan vakansiegangers verhuur.

In Potgietersrus se omgewing, in die rigting van Pietersburg, is daar n plaas, Bouwman Santa Stoetery, van meneer J.H. Bouwman, waar die vakansiegeriewe beskikbaar is.

Mnr. Bouwman is eintlik n beesboer, maar het akkomodasie beskikbaar gestel aan persone wat belangstel om hul vakansie op n beesplaas te verwyl.

Die volgende akkomodasie word uitgehuur:

- a. 4 x een-vertrek woonstelletjies met toiletgeriewe vir gesamentlike gebruik;
- b. Een drie-slaapkamer huis;
- c. Een rondawelhuis.

Daar is ook n plaasdam waarin die mense kan afkoel, vleisbraaiplekke en n plaaswinkel.

Tydens n gesprek is daar aan mnr. Bouwman n vraag gevra ten opsigte van die gewildheid van die tipe vakansietyd bestendig. Mnr. Bouwman het n baie positiewe antwoord gegee. Mnr. Bouwman vertel dat al die akkomodasieriewe vir n jaar vooruit vol bespreek is, vir alle skoolvakansiedae en lang naweke. Dit dien as bewys dat daar wel n potensiële vraag na die tipe vakansie bestaan. In die Magaliesberge wat naby die digbevolkste deel van Suid-Afrika, naamlik die PWV- gebied lê, behoort daar n baie groter vraag na die tipe plaasvakansie te wees.

Bron: Bouwman 1982, en brosjure,
Bouwman Santa Stoetery.

2.7 Die Magaliesberge as 'n natuurreservaat

Volgens beraming behoort die reservaat oor die volgende te beskik: (sien Aanhangsel A - Die Magaliesbergbeskermingsvereniging : Aanhangsel B - 'n Lys van besienswaardighede in die Magaliesbergse omgewing.)

- 2.7.1 'n Plek waar sterk natuur-georiënteerde ontspanningsaktiwiteite onder streng beheer toegelaat word, byvoorbeeld natuurwaarneming, rotsklim en stap.
- 2.7.2 Die oprigting van ontspanningsoorde, kampeerterreine en later enkele hotelle en motelle aan die voet van die berg.
- 2.7.3 'n Aanliggende landbou gebied met 'n groot verskeidenheid ontspanningsplekke, en besienswaardighedenatuurskoon, kultuur, historiese asook landboukundig.

In tabel 2-5 kan die belangstelling van die stedsing in die PWV- gebied duidelik gesien word.

TABEL 2-5 Buitelugontspanningspatrone in die PWV- gebied. (1979)

<u>AKTIWITEIT</u>	<u>%</u>	<u>DEELNAME.</u>
Plesierritte per motor	37,0	
Swem	18,8	
Sport	17,5	
Piekniek	11,3	
Stap	6,4	
Hengel	3,7	
Kampeer	2,8	
Bootsport	1,6	
Voëlwaarneming	0,5	
Bergklim	0,4	
		<u>100%</u>

Bron: Steyn, 1972, p.165.

Opmerking: Die persentasie deelname aan bergklim, stap, kampering en voëlwaarneming is so laag omdat daar in die PWV-gebied weinig sulke fasiliteite bestaan.

Uit die tabel kan afgelei word dat daar ruim plek vir ontwikkeling is by bergklim, stap, kampeer, en die ander natuurgeoriënteerde ontspanningsaktiwiteite. Aangesien n groot gedeelte van die Magaliesberge in die dagryersone van die PWV-kompleks val bestaan daar die potensiaal om die syfers aansienlik te laat styg, deur sodanig geleenthede vir stedelinge te skep.

2.8 Die gebiede wat betrek word by die projekte

Aangesien die Magaliesberge so n groot oppervlakte dek, is dit nodig om die betrokke gebiede duidelik te omskryf. Die Magaliesberg gebied hierby betrokke kan in vier streke opgedeel word:

- a. Kleinhoewe-gebied van die Moot tussen Pretoria en Hartbeespoortdam - Hier word n semi-stedelike atmosfeer ondervind asook n mate van lugbesoedeling as gevolg van fabrieke in die nabyheid.
- b. Akkerbougebied - Hartbeespoortdam en Olifantsnekdam - daar bestaan n landelike atmosfeer. Die toegangsweg is ook maklik bereikbaar aangesien daar teerpaaie parallel met die Magaliesberge loop.
- c. Weidingstreke noordwes van die Olifantsnekdam - Bosveld atmosfeer met doringbome en struike.
- d. Intensiewe akkerbou van die vrugbare Springbokvlakte.

In die streek noord van die berg bestaan daar alreeds n baie sterk ontspanningsfunksie in die vorm van n aantal vakansieoorde byvoorbeeld Rondalia -

Buffelspoort en Kloof. By die meeste oorde is die berg slegs n bykomende aantreklikheid. Die hoofrede hoekom die vakansieoorde hier is, is die warmer klimaat, beskikbaarheid van water asook beter toegangspaaie.

2.9 Samevatting

Uit die oorsig kan daar afgelei word dat die Magaliesberge wel oor die potensiaal beskik om n trekpleister in die Suid-Afrikaanse toeriste bedryf te word. Terselfdertyd kan die boere finansieël daarby baat maar slegs as die projek baie goed geadministrateer is. Hier kan die Magaliesbergse Beskermingsvereniging as beherende instansie n baie goeie doel dien. (Verwys na Bylae A.) Die bererende instansie kan selfs poog om n moontlike subsidie van die staat te verkry ten einde die projek aan die gang te sit.

Die beskikbaarheid van kapitaal is n essensiële element ten einde so n projek van stapel te laat loop. In die volgende hoofstuk gaan die belangrike punte van finansiële beplanning duidelik omskryf word.

HOOFSTUK 3

FINANSIËLE BEPLANNING

Sinopsis

In die hoofstuk word meer lig gewerp op die effektiewe aanwending van die beperkte hoeveelheid kapitaal beskikbaar. Die finansieringskoste daaraan verbonde indien die kapitaal deur middel van 'n lening verkry word, word ook bespreek. 'n Onderskeid word gemaak tussen die verskillende tipes kapitaal wat gebruik kan word en die doel waarvoor dit aangewend word.

3. FINANSIËLE BEPLANNING

3.1 Inleiding

3.2 Faktore wat n invloed gaan hê op finansiële beplanning

3.2.1 Risiko faktore

3.2.2 Beskikbaarheid van kapitaal

3.3 Nadele wat die boer het as gevolg van tekort aan kapitaal

3.4 Optimale benutting van krediet

3.5 Soorte krediet

3.6 Die bepaling van die hoeveelheid geld wat oor die kort termyn benodig word

3.7 Finansieringskoste

3.7.1 Rentekoste

3.7.2 Heffingsfooie

3.7.3 Inspeksiefooie

3.7.4 Kommissie en boekgelde

3.7.5 Formules vir die gebruik by finansiële beplanning

3.8 Solvabiliteitsverhouding

3.8.1 Likwiditeitsverhouding

3.8.2 Rentabiliteitsverhouding

3.9 Opsomnend


3. Finansiële beplanning

3.1 Inleiding

Faul, Pistorius, & Van Vuuren, (1974, p.441.) sien die beplanning as die formulering van doelwitte, met inagneming van eks-terne omstandighede en besluite wat geneem moet word.

Finansiële beplanning is n metode wat die boer instaat stel om vooraf beplande ideale op die goedkoopste, maklikste, veiligste en oor die korste moontlike tydperk te bereik. Die effektiewe aanwending van produksiefaktore behoort die boer instaat te stel om maksimum wins oor die korste moontlike tydperke te maak. Die doel van finansiële beplanning is om die vier produktefaktore naamlik: kapitaal, grond, arbeid en bestuur so goedkoop en effektiëf as moontlik aan te wend. (Rädel & Reynders, 1977, p.22-27.)

Batty (1974, p.15) omskryf bestuur grafies in term van die funksionele areas naamlik:



3.2 Faktore wat n invloed gaan hê op finansiële beplanning.

3.2.1 Risikofaktore (Verwys na die begripsomskrywing)

By die finansiële beplanning vir die plant van gewasse bestaan daar talle onsekerhede en risikofaktore wat die effektiwiteit van die belegging kan beïnvloed, byvoorbeeld:

- a. Reën
- b. Siektes

- c. Vrugbaarheid van die grond
- d. n Haelstorm
- e. Insekte plae.

Waar akkomodasiegeriewe vir vakansiegangers opgerig word is daar feitlik net een risikofaktor wat die belegging kan maak of breek, naamlik: die vraag na sodanige vakansietydbesteding. Die grootte van die vraag na die tipe geriewe kan bepalend wees ten opsigte van die mate en tydperk waarin die koste gedelg gaan word. Die risikofaktor kan, anders as met die elemente van die natuur, deur menslike voorbereiding aansienlik ingeperk word. Die vraag na die geriewe kan verhoog word deur gebruik te maak van, effektiewe advertensiemetodes en deur aantreklike fasiliteite en omgewingstoestande aan die publiek te bied.

n Ander aspek wat tot onsekerheid aanleiding gee is die feit dat die tipe vakansietydbesteding in Suid-Afrika nog nooit op die proef gestel is nie. (Daar bestaan wel n paar boere wat sodanige projekte geloods het; maar nie met soveel klem op die inkomste aspek daarvan nie.) In Engeland is die tipe projek al baie jare n gewilde vakansietydbesteding onder vanaksiegangers. (Farm - based Recreation Information Centre, Somerset College.)

3.2.2 Beskikbaarheid van kapitaal

Ondervinding het geleer dat die kapitaalkragtige boere se mate van sukses verskil met dié van die minder-kapitaalkragtige boer. Die rede hiervoor is dat:

Die kapitaalkragtige boer kan groter voordele uit n belegging behaal deurdat hy meer riskant is en gevolglik groter risiko kan aanvaar as die boer met minder kapitaal tot sy beskikking.

Die minder kapitaalkragtige boer is gewoonlik verplig om 'n lening aan te gaan en moet gevolglik voorsiening maak vir rente- en delgingsverpligtinge. Die boer moet gevolglik vir dieselfde projek 'n hoër opbrengs op die kapitaal belê kry as die kapitaalkragtige boer wat nie die las van rente het nie. Om die rede kan 'n minder kapitaalkragtige boer nie projekte aanpak wat oor die langtermyn die hoogste wins sal toon nie.

Navorsing het verder aan die lig gebring dat die boere van die Magaliesberge 'n beperkte hoeveelheid kapitaal het en die aard van die grond en die natuurlike grasse verseker hulle nie van 'n stabiele inkomste nie. Om die Hartebeespoortdam kan daar egter van besproeiing gebruik gemaak word om sodoende inkomste meer te stabiliseer.

Dis moontlik dat in die geval van oprigting van akkomodasie vir vakansiegangers kan die boer met 'n groter mate van sekerheid begroot wat sy inkomste gaan wees om te voorsien vir delging van finansiele laste. Die minder kapitaalkragtige boere kan deur middel van sodanige projek hul inkomste stabiliseer. Dit kan lei tot 'n uitbreiding hetsy op die projek self of op sy eie boerdery.

3.3 Nadele wat die boer het as gevolg van 'n tekort aan kapitaal

- a. Daar kan nie in optimum toestande gebou word nie.
- b. As gevolg van grootte van lening is renteverpligting en gevolglik kontant uitgawe noodwendig hoër terwyl minder kapitaal vir produksiedoeleindes beskikbaar is. Die gevolg is dat uiters noodsaaklike bedryfskapitaal wat vir ontwikkelingsdoeleindes benodig word uit die boerdery in die vorm van rente na banke gaan.
- c. Sekere beleggings situasies kan nie benut word nie en sommige middele kan nie goedkoper aangeskaf word nie, byvoorbeeld; as pryse van sekere gereedskap gaan styg kan

die boer met oorskot kapitaal dit aankoop en sodoende n hoër koste-struktuur weens produksiekoste stygings vryspring.

- d. Wanneer daar n tekort aan kapitaal is, is boere meer op korttermyn ingestel, ten einde skulde te kan vereffen.
- e. Geringe ekonomiese terugslag kan verreikende gevolge inhou vir n boer met min kapitaalreserwes. (Sien begripsomskrywing.)
- f. Afhanklikheid van die afwesigheid van risikofaktore, bv. genoegsame reën, siektes en plaë soos wurms en sprinkane.

Opmerking: As daar na al die nadele gekyk word, kan dit nie anders as om die noodsaaklikheid aan n stabiele en minder riskante inkomste in te sien nie.

3.4 Optimale benutting van krediet

Geleende geld plaas nog n addisionele las op die boer by die terugbetaling vandie lening. Dit stel groter eise aan die manier en doeltreffendheid waarop geld aangewend word.

In Engeland is die noue verband tussen boerdery en toerisme al n gevestigde aktiwiteit. Uit die tabel hieronder kan ons sien dat die projek wel in Groot Brittanje n sukses was vir beide toeris en boer.

TABEL no. 3-1 GEMIDDELTE OPBRENGS OP KAPITAAL
BELê in vakansieoorde in Engeland
(Sien volgende bladsy.)

Die tabel dien slegs as bewys dat in Groot Brittanje die projek met sukses aangepak is. Dit kan egter ook op Suid-Afrika van toepassing gemaak word.

TABEL no 3-1 GEMIDDELDE OPBRENGS OP KAPITAAL
BELê in vakansieoorde in Engeland

TIPE AKKOMO- DASIE	GEMIDDEL- DE BE- STUURS- EN BE- LEGGINGS INECLISTE	GEMIDDEL- DE KAPI- TALE BE- LEGGING	OPBRENGS OP KAPITAAL
	R	R	%
Plaashuis en verwante ver- trekke	90	346	26
Woonstelle en rondawels....	229	867	26
Karavaan en kampeerplek- ke	890	1200	74

Bron: Davies, 1973, p.29.

Die boere van die Magaliesberge wat n tekort aan kapitaal het, kan van finansieringsbeginsels gebruik maak, wat die boer instaat stel om die minimum krediet tot sy beskikking op die doeltreffendste manier en teen die laagste moontlike koste aan te wend. Die finansieringsbeginsels behels:

- a. Keuse van krediet moet geskied volgens doel waarvoor dit aangewend is;
- b. Kredietwaardigheid moet die grootte van die lening bepaal;
- c. Krediet moet so goedkoop moontlik bekom word;
- d. Die delging van kapitaal moet doelmatig geskied.

3.5 Soorte krediet

Ten einde die regte hoeveelheid kapitaal te kan leen en renteverpligtinge na te kom en kapitaal

volgens plan te kan delg, moet die regte soort krediet vir n spesifieke doel verkry word.

Afhangende van die termyn van belegging kan tussen drie soorte kapitaal onderskei word, naamlik:

- a. Vaste kapitaal - hierdie soort kapitaal wat oor die langtermyn-in vaste eiendom en verbeteringe daarvan belê;
- b. Losgoed kapitaal - kapitaallitems soos gereedskap en vee;
- c. Bedryfskapitaal - dit is hoofsaaklik produksiemiddele en brandstof wat binne n jaar of seisoen opgebruik word.

Die algemeenste indeling van krediet is volgens termyn van lening.

Daar bestaan n noue verband tussen die soort lening en verskillende soorte kapitaal. (Vergelyk ook Faul, Pistorius & Van Vuuren, 1974, p.461, sowel as begripsomskrywing.)

- a Langtermynkrediet - Vaste kapitaal
- b Mediumtermyn - Losgoedkapitaal
- c Korttermynkrediet - Bedryfskapitaal

Langtermynkrediet word aangewend om die potensiaal van n boerdery, deur vaste verbeterings aan te bring, te verhoog. Die ander soorte krediet word aangegaan om die potensiaal te ontwikkel. Die boer kan sy korttermynkrediet tot n minimum beperk deur gebruik te maak van n kontantvloekaart.

- 3.6 Die bepaling van die hoeveelheid geld wat oor die korttermyn benodig word

Deur middel van n kontantvloekaart kan bepaal word wanneer die behoefte aan bedryfskapitaal die grootste is. Die kontantvloekaart werk op n maandbasis en so word aangedui watter maand die kapitaal behoef-

tes die grootste is en hoeveel geld nodig word.
Voorbeeld van so 'n kontantvloeikaart verskyn in
tabel 3-2.

'n Oortrokke bankfasiliteite word in die algemeen
gebruik vir die finansiering van korttermyn kon-
tantgeld behoeftes. Die fasiliteit is geldig vir
'n jaar en is niks anders as 'n tydelike permanente
lening. Afhangende van die kredietwaardigheid van
die boer word 'n sekere kredietperk vasgestel, waar-
volgens die boer van die 'lening' gebruik kan maak.
Die stelling word dikwels gemaak dat 'n oortrokke
bankrekening 'n duur vorm van krediet is omdat die
rentekoerse so hoog is. Daar word nie rekening ge-
hou met die volgende nie:

- a. Geen verband- of registrasiekoste moet betaal
word nie.
- b. Die oortrokke bankrekening se perk kan koste-
loos opgeskuif word.
- c. Rente word net op die agterstallige bedrag be-
taal.

3.7 Finansieringskoste

3.7.1 Rentekoste

Vergelyk ook in die verband:
Harper, (1974, p. 68.)
Sorgdrager & Tromp, (1977, p.22-25.)
Van der Schroeffer, (1965, p. 90-97.)

Die hoeveelheid rente wat betaalbaar is, word bepaal
deur die rentekoers. Rentekoerse word grootliks bepaal
deur die aard van die transaksie, die termyn betrokke
sowel as die metode van terugbetaling.

TABEL 3-2 'n VOORBEELD VAN 'n KONTANTVLOEIKAART WAT
ITEMS OP 'n MAANDGRONDSLAG SPESIFISEER

(Sien volgende bladsy)

TABEL 3 - 2 'n VOORBEELD VAN 'n KONTANTVLOEIKAART WAT ITEMS OP
'n MAANDGRONDSLAG SPESIFISEER

	JULIE	AUG.		DES.		JUNIE
A. Inkomste:						
a. Uit gewasse						
b. Uit vee verkoop						
c. Kapitaalitems verkoop						
d. Ander boerdery- inkomste						
e. Nie-boerdery- inkomste						
TOTAAL BESKIKBAAR						
B. Aanwending van geld:						
a. Lopende rekening						
Vaste verbeterings - geboue						
Voertuie en ge- reedskap						
Arbeid						
Gewasse						
Vee						
b. Rente en delging						
c. Vee-aankope						
d. Aankoop van kapi- taalitems						
Voertuie						
Omheining						
Watervoorsiening						
C. Persoonlike trekkings:						
a. Versekering						
b. Inkomstebelasting						
c. Lewensduurte						
TOTALE BEDRAG AANGEWEND (+ C)						
TOTALE GELD BESKIKBAAR (A) - (B + C)						

Die laagste gekwoteerde rentekoers is nie noodwendig die beste nie, aangesien daar verskillende metodes van berekening bestaan. n Vaste rentekoers is op die oog af laer as die effektiewe rentekoers maar die totale rente betaalbaar oor die tydperk van lening is gewoonlik hoër. Die rede hiervoor is dat vaste rentekoers word bereken op die oorspronklike geleende bedrag, terwyl by effektiewe rentekoerse word die rente wat betaal moet word slegs op die agterstallige saldo bereken. Dit wil sê namate meer terugbetalins gemaak word, die lening kleiner word en so ook die bedrag waarop rente bereken word.

3.7.2 Heffingsfooi

n Koste waarmee n lening dikwels gedebiteer word is n heffingsfooi. Dit is eintlik n vergoeding wat aan die geldskietter (bank) betaal word vir die voorreg wat die lener gegun word, om wel die geld te kan ontvang.

3.7.3 Inspeksiefooi

Dikwels word by die aankoop of aanbou van vaste eiendom n inspeksiefooi geëis. Dit is egter nie n standaard fooi vir alle finansiële instellings nie.

3.7.4 Kommissie en boekgeld

Bankinstellings hou van die sogenaamde "bedrywige rekening" - n rekening wat gekenmerk word deur baie deposito's en onttreklings en daarvoor word kommissie en boekgelde geëis. Dit word bepaal volgens die aantal inskrywings wat op die rekening gemaak moes word. Dit is belangrik dat die lener vasstel hoe die koste bereken word.

3.7.5 Versekeringspremie

Soms word vereis dat n versekeringspolis as sekuriteit teen n lening uitgeneem word. Die boer moet

egter deeglik rekening hou met versekering wat alreeds uitgeneem is. Bestaande versekeringspolis kan as 'n voldoende sekuriteit dien. Die boer kan self besluit of hy die versekeringspremie maandeliks gaan betaal of eenmalig as 'n enkelpremie polis. 'n Nadeel by die enkelpremie polis is die verlies van moontlike rente wat verdien kon word, indien geld belê is.

3.8 Formules vir die gebruik by finansiële beplanning

3.8.1 Solvabiliteitsverhouding

Die verhouding dui aan in watter mate die bates die laste oorskry. Dit is nodig indien die geldvoorsieter (bank) daarop aandrang dat die boer sy skuld moet vereffen.

a.
$$\frac{\text{Totale bates}}{\text{Totale laste}}$$
 'n Veilige verhouding volgens algemene aanvaarde rekeningkundige praktyke is 2 : 1

b. Die verhouding tussen eie- en vreemde kapitaal:

$$\frac{\text{Vreemde kapitaal}}{\text{Eie kapitaal}}$$

Die fondse wat die eienaars voorsien word eie kapitaal genoem en die wat skuldeisers voorsien, vreemde of geleende kapitaal. Anders as in die geval van eie kapitaal staan die onderneming onder juridiese verpligting om geleende fondse ten volle op 'n bepaalde tydstip of tydstippe terug te betaal en gewoonlik ook onder juridiese verpligting om vergoeding vir die gebruik van die fondse te betaal byvoorbeeld in die vorm van rente. 'n Veilige verhouding volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke is: 1 : 1

Vergelyk ook in die verband:
De Swardt, (1978, p.22 -73.)
Faul, Pistorius & Van Vuuren,
(1974, p.458.)

3.8.2 Likwiditeitsverhouding

Dit dui op die vermoë van die boer om sy kredietverpligtinge na te kom, sonder om die omvang van sy bedrywighede te verander (De Swardt, 1978, p.74.)

Voorbeeld:

Bedryfsbates		Bedryfslaste	
Landbougereedskap	40 000	Korttermyn kredietverpligtinge:	
Produkte voorhande	2 000	Ko-operasierekening	4 000
Produksiemiddele	1 000	Besproeiingskema	3 500
Lewendehawe	5 000	Agterstallige rekening	2 500
Kontant	2 000		
	<u>R50 000</u>		<u>R10 000</u>

Bron: De Swardt, 1978, p.74.

$$\frac{\text{Bedryfsbates}}{\text{Bedryfslaste}} = \frac{50000}{10000} = 5 : 1$$

Dit is n veilige likwiditeitsverhouding aangesien alle korttermyn finansiële laste gedelg kan word.

3.8.3 Rentabiliteitsverhouding

Net so belangrik as om skuld aan te gaan so belangrik is dit om voorsiening te maak vir die aflossing daarvan. Rentabiliteit dui op die persentasie verhouding tussen inkomste gedurende n bepaalde tydperk en n gegewe kapitaal belegging.

Faul, Pistorius & Van Vuuren, (1974, p. 472) dui aan dat rentabiliteit die opbrengs op die invetering om bates te meet. Vergelyk ock in hierdie verband: De Swardt (1978, p.74)

Voorbeeld:

Stel n boer het R15 000 belê vir die oprigting van rondawels en ander fasiliteite. Sy netto uit die verhuring van die rondawels is R4 250. Dan sal sy renteverdiens te op die R15 000 belê soos volg bereken word:

$$\frac{\text{Netto inkomste en rentekapitaal}}{\text{Kapitaal belegging}} \times \frac{100}{1} = \frac{4\,250}{15\,000} \times \frac{100}{1} = 28,3\%$$

As ons veronderstel dat die boer R8 000 geleen het teen n 15% rentekoers, dan is sy rente R1 200 vir die jaar. Die boer se eiekapitaal belê is:

1 500 - 8 000 = R7 000. Die rentabiliteit op eie kapitaal belê is:

$$\begin{aligned} & \frac{\text{Netto inkomste} - \text{rente op geleende kapitaal}}{\text{Eie kapitaal}} \times \frac{100}{1} \\ &= \frac{4\,250 - 1\,200}{7\,000} \times \frac{100}{1} \\ &= \frac{3\,050}{10\,000} \times \frac{100}{1} \\ &= 30,5\% \end{aligned}$$

Dit dien as bewys vir die boer dat hy wel sy geld suksesvol belê het teen 'n rentekoers van meer as dubbeld die koers waarteen hy die geld in die bank kon belê het.

3.9 Opsommend

Karaktereienskappe van 'n suksesvolle besigheid is:
(Epperson, 1977, p. 211.)

- 3.9.1 Geleende kapitaal tot eie kapitaal se verhouding, 1 : 1. Dit dui op 'n voldoende kontantvloei in meeste gevalle.
- 3.9.2 'n Groot persentasie van vaste bates moet grond en geboue en toerusting insluit 50 - 85%.
- 3.9.3 Huidige kontant posisie - kan krediet verpligtinge op tyd nagekom word.
- 3.9.4 Die verhouding tussen langtermyn skulde tot die waarde van vaste koste, kan dit teen 'n wins verkoop word 25 : 1 is 'n goeie verhouding.
- 3.9.5 Verhouding van debiteure tot verkope - wat is die debiteure invorderingstermyn? (Faul, Pistorius & Van Vuuren, 1974, p.483.)

Die sleutel tot 'n suksesvolle besigheid is 'n bestuur wat die volgende legkaart aanmekaar kan sit:


FIGUUR 3-1

(Sien volgende bladsy)

Die kapitaal wat deur middel van finansiële beplanning verkry word moet belê word. Gevolglik gaan

daar in die volgende hoofstuk na die aanwending van kapitale koste, en die kapitalisasie daarvan gekyk word.

FIGUUR 3 - 1 DIE SLEUTEL TOT 'n SUKSESVOLLE BESIG-
HEID



Bron: Epperson, 1977, p.217

HOOFSTUK 4

KAPITALE KOSTE EN DIE KAPITALISASIE DAARVAN

Sinopsis

Ten einde kapitale koste effektief te administreer word daar na die volgende drie punte gekyk:

- i. Beplanning
- ii. Evaluasie
- iii. Kontrole

Die belangrikheid van n navorsing en ontwikkelingsbegroting word ook beklemtoon veral met die oog op moontlike risiko's hieraan verbonde. In die tweede helfte van die hoofstuk word die kapitalisasie van spesifieke koste in verskillende stadiums ingedeel en daarvolgens bespreek.

- 4 Kapitale koste en die kapitalisasie daarvan
- 4.1 Kapitale koste
 - 4.1.1 Inleiding
 - 4.1.2 Beplanning
 - 4.1.3 Evaluasie
 - a Omskrywing
 - b Bepaling van gebruikskoste van n projek
 - c Evaluasie-tegnieke
 - 4.1.4 Kontrole
 - a Kontrole en hersiening van inligting
terwyl besig is met die projek
 - b Opvolging van die projek en resultate
 - 4.1.5 Navorsing- en ontwikkelingsbegroting
 - 4.1.6 Die belangrikheid van inkomstebelasting by
kapitaal begrotings en enige ander uitgawes
soos waardevermindering
 - 4.1.7 Samevatting
- 4.2 Kapitalisasie
 - 4.2.1 Inleiding
 - 4.2.2 Kapitalisasie van koste word onderverdeel
in sekere hoofpunte
 - a. Vooroprigtingskoste
 - b. Grond verbetering -, ontwikkeling, en
konstruksiekoste
 - c. Rentekoste
 - d. Indirekte projekskoste
 - e. Algemene en administrasiekoste
 - f. Ontspanningsgeriewe
 - 4.2.3 Kapitalisasie van bates
 - 4.2.4 Opsomming

4. Kapitale koste en die kapitalisasie daarvan

4.1 Kapitale koste

4.1.1 Inleiding

Kapitale koste het te doen met die langtermyn vasmaak of belegging van finansiële bronne, om sodoende in die toekoms voordeel te trek. Dit dui ook aan wat die oogmerke of doelstellings is en die effek op die ekonomiese welvarendheid oor die langtermyn.

Daar is gevolglik 'n risiko verbonde aan 'n kapitale koste en daarom word daar aandag geskenk aan al die verskillende tegnieke om die verskillende kapitale koste moontlikhede te evalueer. Evaluasie is egter nie die enigste noodsaaklikheid vir 'n effektiewe administrasie van kapitale koste nie: 'n Kapitale koste program moet ook voorsiening maak vir effektiewe beplanning en kontrole.

Vervolgens gaan daar kortliks na drie fases gekyk word, naamlik:

- 4.1.2 Beplanning
- 4.1.3 Evaluasie
- 4.1.4 Kontrole

As gevolg van die risikofaktore wat betrekke is moet die belangrikheid van 'n navorsings- en ontwikkelingsbegroting ook bespreek word in punt 4.1.5

Die waardebeplanning en begroting kan byna as sinoniem beskou word (Sien Gillespie, 1957, p.584 - 586. asook Matz, Usry & Curry, 1976, p. 9-10, 26-27.)

4.1.2 Beplanning

Beplanning kan saamgevat word onder die volgende hoofpunte:

- a. Omskrywing van die projek asook redes hoe-
kom die projek aangepak is;
- b. Wat is die finansiële behoeftes, met ander
woorde, watter bedrag word benodig om die
projek aan te pak. n Duidelike onderskeid
word deur die boer en die bedrag wat geleen
moet word;
- c. Deeglike markanalise en markvooruitskatting
moet gedoen word.
- d. Tegnieke en ekonomiese lewensduur, dit wil
sê waardevermindering;
- e. Instandhouding ;
- f. Begin- en einddatums van projek.

Rädel en Reynders, (1980, p.241
en 242.) verdeel die beplannings-
proses in vier stappe:

- i. Die formulering van doel-
witte.
- ii. Die versameling van inligting.
- iii. Die ontleding en oorweging
van die inligting.
- iv. Die finale keuse en formu-
lering van die planne.

4.1.3 Evaluasie

- a. Omskrywing

Evaluasie verwys na al die basiese teorie en tegnieke waarvolgens die rentabiliteit van n langtermynbelegging ontleed kan word. (Vergelyk, Matz, 1976, p.831 - 850.) Dit is belangrik want alhoewel so n projek, byvoorbeeld die bou van rondawels en woonstelletjies, n langtermyn gebruikspotensiaal het, bestaan daar tog omstandighede wat kan ontstaan, waar daar oor die moontlike vervanging of verbetering van n bate besluit moet word. Die omstandighede kan in twee kategorieë verdeel word: (Tromp en Sorgdrager, 1981, p.81)

- i. Tegniëse slytasie as gevolg van :
 - gebruik van woonplekke, meubels en ander toebehore;
 - Gebrek aan effektiewe instandhouding van bate;
 - Natuurrampe, byvoorbeeld, vure. Dit kan ook kunsmatig as gevolg van agterloshheid ontstaan.
- ii. Ekonomiese veroudering:
 - nuwe metodes of aantrekliker omstandighede op ander plekke kan vraag verminder.

b. Bepaling van gebruikskoste van 'n projek

Kapitale uitgawes kan in drie groepe geklassifiseer word, naamlik:

- i. Uitrusting vervangingskoste, byvoorbeeld, waardevermindering;
- ii. Uitbreidingsbelegging;
- iii. Verbetering van huidige huise, byvoorbeeld, restourasie of die oprigting van nuwe woonstelle.

Die bepaling van die gebruikskoste van 'n projek kan skematies soos volg voorgestel word:
(Tromp & Sorgdrager, 1981, p.81.)(Sien p.45.)


c. Evaluasie tegnieke

Daar bestaan hoofsaaklik twee tegnieke en dit kan kortliks soos volg omskryf word: (Tromp & Sorgdrager, 1981, p.82-89)

- i. Tegnieke wat die tydswaarde van geld ignoreer;
- ii. Tegnieke wat die tydswaarde van geld inag neem.

Vervolgens gaan ons net kortliks na die twee

FIGUUR 4 - 1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE TOTALE GEBRUIKSKOSTE



metodes kyk:

- i. Tegnieke wat tydswaarde van geld ignoreer .

Hier word die aanname gemaak dat geld op enige stadium in die toekoms presies dieselfde waarde as vandag besit. Risiko en inflasiefaktore word ook ignoreer.

Twee algemene metodes onder die tegniek is:

- Terugbetalingsperiodemetode;
- Inkomstekoers op beleggingmetode.

- ii. Tegnieke wat die tydswaarde van geld in ag neem

Daar bestaan drie algemene metodes om die besluitneming oor beleggings te vergemaklik. Die nadeel van die metodes is dat dit bestaan uit veel meer ingewikkelder berekenings en is ook baie omslagtig.

Die metodes is! - Verdiskonteerde kontantvloeimetode;
- Netto huidige waarde-metode
- Huidige waarde-indeks.

Vergelyk ook in die verband:

Crowningshield & Gorman, (1974, p.549-565.)
Matz, Usry & Curry, (1976, p.835-844.)
Schattke, Jensen & Bean, (1976, p.494 - 503.)

4.1.4 Kontrole

Dit is die derde en laaste fase van n kapitaaluitgawe-program. Kontrole geskied in twee fases, naamlik:

- a. Kontrole en hersiening van inligting terwyl besig is met projek.

Hier gaan dit om die koördineringsplanne en individuele opdrag om projekte binne 'n bepaalde tydperk te voltooi. Die party wat verantwoordelikheid moet dra moet duidelik uitgewys word. Byvoorbeeld; Indien die boer laat bou, moet die persoon wat die bouwerk doen, die verantwoordelikheid dra, en indien die boer self die huis bou dra die boer self die verantwoordelikheid.

Administrasiekoste vir kontrole moet ook beplan wees, want oorkontrole is in onnodige vermorsing van administratiewe bronne. 'n Tegniek wat gebruik kan word om te verseker dat beplanning en kontrak behoorlik uitgevoer word, is PERT (Program Evaluation and Review Technique). Die tegniek behels 'n tydsduur- en aanwendingsanalise. Die tydsduur, skatting en benodigdhede van elke taak word bepaal en gerangskik, dit behels die tydsduuranalise. Die aanwendingsanalise behels 'n analise van die geldbesteding en aanwending van ander bronne.

Vergelyk ook in die verband:
Dopuch, Binberg & Demski, (1974,
p.492-510.) en
Tromp & Sorgdrager, (1981, p.148-159.)

b. Opvolging (Nagaan) van projek se resultate

Dit behels die vergelyking en verslagdoening soos resultate uitgekóm het op tydperk wat bevestiging veronderstel was om geëvalueer te word.

4.1.5 Navorsing- en ontwikkelingsbegroting (Matz, Usry & Curry, 1976, p.50)

Die projek wat in die Magaliesberge beoog word, is alreeds beproef in Engeland waar dit 'n groot aftrek gekry het. In Suid-Afrika is dit 'n nuwigheid en moet eers inslag vind by stedelinge.

So n begroting behels die identifisering van komponente benodig en n beraming van hul koste. Sulke ontwikkelingsprojekte kompeteer met ander reeds bewysde projekte vir beskikbare finansiële bronne. Daarom moet die waarde van die navorsings- en ontwikkelingsprogram so duidelik as moontlik uiteengesit word, om dit te vergelyk met soortgelyke programme en ander investeringsgeleenthede. Die motivering en oogmerk moet duidelik uitgestip word.

Die koste van so n projek moet vanuit n langtermyn en korttermyn oogpunt af, beskou word. Oor die langtermyn moet seker gemaak word dat die program in lyn is met toekomstige behoeftes en dat toekomstige koste nie verskil van vooruitgeskatte ekonomiese en finansiële toestande nie. Oor die korttermyn moet seker gemaak word dat die program, uit berekening, n genoegsame kapitaalopbrengskoers op geld geïnvesteer sal lewer.

Deur die projek op te deel in fases en die fases te omskryf in terme van n persentasie van totale koste kan navorsings- en ontwikkelings balansstaat gebruik word.

Neem n Asbeshuis as voorbeeld

TABEL 4 - 1. Navorsings- en ontwikkelings balansstaat vir Junie 19...

VERSKILLENDE STADIUMS	R	%
Voorverkrygingskoste	450	3
Oprigting of herstel van kamer	12 000	72
Ander fasiliteite	200	1
Koste om akkommodasie toe te rus	1 750	11
Advertensie	700	4
Algemene koste	1 440	9
	R16 540	100

Bron: Eie navorsing, (Sien ook 5.2.9.), 1982.

- 4.1.6 Die belangrikheid van inkomstebelasting by kapitaalbegrotings en enige ander uitgawes soos waardevermindering. (Horngren, 1977, p.425 -427.)

Inkomstebelasting is een van die koste wat dikwels 'n groot invloed het op besluite wat geneem word. Die rol van belasting by kapitaalbegrotings verskil nie van enige ander kontant uitgawes nie.

Belasting het 'n belangrike invloed op;

- a. die bedrag in kontant wat invloei of uitvloei; en
- b. die tydstip van kontantvloei.

Die toepasbare inkomstebelastingkoers wat gebruik moet word by vooruitskatting van kontantvloei hang af van die inkomstegroep waarin die belastingbetaler val.

Die algemene reël ten opsigte van belastingbeplanning is: "Waar daar 'n wettige keuse bestaan, vat aftrekking eerder vroeër as later."

By waardevermindering kry ons drie algemene metodes: (Faul, Pistorius & Van Vuuren, 1974, p.357 - 363.)

- a. Reguitlyn ;
- b. Som-van-syfer ;
- c. Verminderde saldo.

Vergelyk ook in die verband:
Meigs, Johnson & Meigs, (1977,
p. 405 - 410.)
Schatke, Jensen & Bean, (1976,
p.104 - 107.)

Na aanleiding van die algemene reël soos vroeër vermeld, word die verminderde saldo metode gebruik. Die grootste bedrag word aan die begin afgeskryf en dit word al kleiner. Die Ontvanger van Inkomste laat waardevermindering toe as 'n vaste persentasie van die belasbare waarde van 'n bate, dit is die bedrag wat nog nie afgeskryf is as waardevermindering nie.

Die persentasie wat gekies word moet so gekies word dat dit die bate min of meer oor sy leeftyd afskryf. Indien die bate n slopingswaarde het, moet die bedrag afgetrek word voordat waardevermindering bereken word. Die waarde van permanente gebou kan nie verminder word nie.

Die meubels en breekware in huise of rondawels kan wel gedepresieer word. Die ontvanger laat n persentasie van 10% toe vir inkomstebelastingdoeleindes.

4.1.7 Samevatting

Die belangrikheid van kapitale koste blyk duidelik uit al die tegnieke beskikbaar om die koste te evalueer en kontrole daaroor uit te oefen. Gepaardgaande hiermee is die kapitalisasie van die koste wat in die volgende punt bespreek word.

4.2 Kapitalisasie

4.2.1 Inleiding

Wat is die breë rekeningkundige konsepte? Kostes om vaste eiendom op te rig en te ontwikkel strek vanaf stene- en sement kostes, wat gekapitaliseer moet word tot algemene administrasie kostes wat nie gekapitaliseer moet word nie.

Wanneer n sekere koste gekapitaliseer word, word dit na die balansstaat toe afgeskryf. Sodoende word dit as n bate op die balansstaat aangetoon.

Vergelyk in die verband:
Bethel, et al. (1950,
p.98 - 99.) Klink, (1980,
p.18 - 30.)

4.2.2. Kapitalisasie van kostes word onderverdeel in sekere hoofpunte

a. Voor-oprigtingskoste

Die koste sluit in wetlike, rekeningkundige en ander professionele fooie, salarisse, omgewingstudies, waarderings, mark- en uitvoerbaarheidstudie en grondontleding. Sommige ontwikkelaars skryf dit af teen wins- en verliesrekening terwyl ander dit kapitaliseer.

Die mees aanbevole benadering onder omstandighede is om koste af te skryf teen wins- en verliesrekening, omdat die toekomstige voordele nog onseker is. Koste moet afgeskryf word soos dit voorkom en moet nie uitgestel word na 'n latere datum nie.

Voorverkrygingskoste kan gekapitaliseer word, maar slegs die wat direk geïdentifiseer kan word met die spesifieke eiendom en die oprigting van die eiendom.

b. Grondverbetering-, ontwikkeling- en konstruksiekoste

Koste wat direk betrekking het op die verbetering van grond moet gekapitaliseer word.

Die koste sluit die volgende in:

- i. Grondbeplanningskoste - dit sluit in uitvoerbaarheidstudie, salarisse, professionele fooie, grondontleding, streeksindelingkoste, omgewingskoste en ander koste wat direk verband hou met die voorbereiding van grond, algemene ontwerp en ontwikkeling van die projek.
- ii. Koste van verbetering wat insluit slopingskoste, paaie, beligting van paaie, voetpaaie, dreinerings- en waterfasiliteite parkaanleg en inspeksiefooie.
- iii. Konstruksiekoste - ingenieurs- en rekeningkundige fooie, materiaal en arbeid,

en permitte indien benodig word.

- iv. Projek se algemene en toesighoudings-
koste.
- v. Ontspanningsfasiliteite, byvoorbeeld;
swembad en tennisbane.

Daar moet egter beklemtoon word dat al die
koste nie noodwendig sal voorkom nie, alles
hang af van die projek wat aangepak gaan word.

Algemene en administrasie koste wat nie direk
geïdentifiseer kan word met die projek nie,
moet as periode koste gehanteer word. Dit
word afgeskryf teen die wins- en verliesreke-
ning soos dit voorkom.

c. Rentekoste

Klink, (1980, p.22) het op-
gemerk dat "Financial Accoun-
ting Standards No.34 (FAS 34)
requires capitalization of
cost as part of the histori-
cal cost of acquiring assets
that need a period of time to
be brought to the condition
and location necessary for
their intended use."
Vergelyk ook in die verband:
Rädel & Reynders, (1980, p.209
en 210.)

Kapitalisasie van rente word om die volgende
redes aanbeveel:

- i. Ten einde n waardering van verkrygings-
koste te verkry wat duidelik sal aandui
wat die totale investering in die bate
is ;
- ii. deurdat koste toegedeel word by die ver-
kryging van die bate, kan voordeel uit
toekomstige inkomste getrek word.

Bates wat kwalifiseer vir kapitalisasie van rente
is, vaste eiendom wat opgerig word vir die boer
se eie doel of vaste eiendom wat verkoop of ver-

huur gaan word. Die kapitalisasie periode begin wanneer:

- i. die uitgawe vir die bate gemaak is;
- ii. die adtiwiteite wat nodig is om die bate gereed te kry vir uiteindelijke gebruik, aanvang geneem het;
- iii. die rentekoste voorgekom het.

Onderneming het in die verlede n hele aantal metodes gebruik om rente te kapitaliseer. Die mees aanvaarbare metode was deur middel van spesifieke identifikasie, waar alle rente wat direk verband hou met vaste eiendom gekapitaliseer word. Onder die nuwe standarde is die basiese beginsel dat die bedrag van rentekoste wat gekapitaliseer word, die bedrag moet wees wat teoreties vermy kon gewees het, tydens ontwikkelings- en konstruksie periode as uitgawe vir benodigde bates nie gedoen is nie.

Die rentekoste kon voorkom gewees het deur of voorafgaande addisionele lening of deur die gebruik van fondse wat bestee is vir bate om huidige lenings terug te betaal, indien daar nie n nuwe lening verkry word nie.

Die bedrag gekapitaliseer kan bepaal word deur n kapitaalkoers toe te pas op n gemiddelde bedrag van saamgestelde gekapitaliseerde uitgawe vir die bate gedurende die periode. Die koers word gebaseer op die bankkoers van toepassing op lenings aangegaan. Ander rentekoste byvoorbeeld eiendomsbelasting en assuransie kan slegs gedurende die periode waar rente op lening betaal word, gekapitaliseer word.

d. Indirekte projekkoste

Dit is algemene gebruik om indirekte projekkoste wat direk verband hou met ontwikkeling van vaste eiendom, te kapitaliseer. Die basiese pro-

bleem is om die koste wat gekapitaliseer moet word te definieer en te identifiseer.

Dit is nodig om die volgende punte in ag te neem voordat n keuse gemaak word of koste gekapitaliseer moet word of nie:

- i. Spesifieke informasie moet teenwoordig wees om die toedeling van indirekte koste na n spesifieke projek moontlik te maak, byvoorbeeld : tydkaart;
- ii. Koste moet inkrementeel wees. Dit is koste wat in die ontwikkeling van die projek of in afwesigheid van projek nie voorkom nie.
- iii. Beginsel van konserwatisme moet in ag geneem word.

Indirekte koste wat direk verband hou met n spesifieke projek moet gekapitaliseer word, byvoorbeeld direkte en indirekte salarisse, bruikbaarheids- en versekeringskoste.

e. Algemene-en administrasie koste

Slegs koste wat direk verband hou met die projek in die stadium van ontwikkelings of konstruksie kan gekapitaliseer word, byvoorbeeld argiteksgelde, lisensiegelde.

f. Oprigtingskoste van Ontspanningsgeriewe

By voltooiing is slegs koste wat gelyk is aan n beraamde redelike waarde kapitaliseerbaar. Gevolglik kan enige koste wat meer is as redelike waarde toegedeel word as gewone koste. Enige verlies wat gelei het tot hoër koste word afgeskryf as gewone koste.

Vergelyk ook in die verband:

De Swardt, (1978, p.4
en p.10.) ten opsigte
van die gevare van oor-
kapitalisering

4.2.3 Kapitalisasie van bates

Vergelyk: Samuelson, (1979, p.117.)

n Eenvoudige voorbeeld van kapitalisasie: Neem enige stuk grond of gebou wat verseker is van n sekere inkomste elke jaar tot die jaar 19...

Die formule wat gebruik word is:

$$U = \frac{RN}{i}$$

U = Huidige gekapitaliseerde (verdiskon-
teerde) waarde.

RN = Permanente jaarlikse inkomste

i = rentekoers.

Voorbeeld

n Boer verhuur n rondawel teen R25 per dag. Die rondawel is vir 90 dae van die jaar beset. Die jaarlikse inkomste beloop: R25 x 90 dae = R2 550. Die rentekoers is 11%

Die bedrag wat gekapitaliseer kan word:

$$\begin{aligned} U &= \frac{RN}{i} \\ &= \frac{2\,550}{0,11} \\ &= R20\,454 \end{aligned}$$

Dus die rondawel se gekapitaliseerde waarde -
sê - R21 000.

4.2.4 Opsomming

In die opsomming gaan daar in tabelvorm alle koste aangetoon word wat gekapitaliseer word by verskillende akkommodasie tipes. n Omskrywing van die inligting

wat in die tabel voorkom is verkrygbaar in hoofstuk 6.

Onderaan die tabel sal daar n paar opmerkings aangebring word ten einde sekere punte in die tabel te verduidelik.

Onderstaande tabel dui kortliks die bedrag aan wat gekapitaliseer kan word gedurende die jaar. (Vir verdere inligting sien punt 6.2.)

TABEL 4 - 2 OPSOMMING EN BEPALING VAN KOSTE WAT GEKAPITALISEER KAN WORD

KOSTE - ITEM	Rondawel	Houthuis	Steenhuis	Asbeshuis	Woonstel	Kampeerterrrein
Oppervlakte	38 m ²	60 m ²	60 m ²	60 m ²	31 m ²	1300 m ²
Voer oprigtingskoste	-	-	-	-	-	-
(a)						
Oprigtingskoste:	6 460	13 200	13 800	12 000	6 100	12 200
Materiaal 60%	3 876	7 920	8 280	7 200	3 660	7 320
Arbeid 30%	2 326	4 752	4 968	4 320	2 196	4 392
Vervoer 4%	258	528	552	480	244	488
(b)						
Rentekoste	436	890	930	810	411	825
(c)						
Algemeen en administratiewe koste	280	530	550	510	360	770
Tekenaarsgelde	150	300	320	280	140	280
Lisensiegelde	60	60	60	60	60	60
Gelde aan TROBG	170	170	170	170	160	430
(d)						
Toerusting	1 750	1 750	1 750	1 750	1 750	1 750
(d)						
Ontspanning	200	200	200	200	200	200
BEDRAG GEKAPITALISEER	9 126	16 570	17 230	15 270	8 771	14 055

- a. Die verdeling van oprigtingskoste volgens n persentasie verhouding van 60% tot 36% tot 4% vir materiaal, arbeid en vervoerkoste is n standaard waarvolgens n bekende maatskappy, naamlik; Bester Wonings te Pretoria, werk.
- b. Hier word van die standpunt uitgegaan dat die boer 50% van die oprigtingskoste geleen het teen n rentekoers van 13,5%.
- c. Die argiteksfooie bedrae 5% van die boukoste.

Die lisensiegelde wat aan die TROBG betaal word sluit onder andere die volgende in:

- i. Om toestemming van TROBG te verkry;
 - ii. n lisensie moet verkry word ten einde sodanige aktiwiteite op die plaas aan te pak.
 - iii. Bouplan gelde en inspeksiefooie.
- d. Die ontspanningsgeriewe se koste sluit nie die bou van n swembad of n tennisbaan in nie. Die koste van R200 wat in berekening gebring is, is vir die bou van meerdoelige sportbaan, jukskeibaan asook vleisbraaiplekke. (Die oprigting van ontspanningsgeriewe word volledig in 6.2.3 bespreek.) Dit is belangrik om daarop te let dat indien n swembad of n tennisbaan gebou word, dan mag die koste hieraan verbonde ook gekapitaliseer word.

HOOFSTUK 5

DIE ONTLEDING VAN KOSTE VERBONDE AAN SO n PROJEK

Sinopsis

Die begrip 'koste' word omskryf en van toepassing gemaak op die studie. By die handeling van die koste word die projek in verskillende fases opgedeel en die totale koste benodig vir die projek word daarvolgens bepaal. In dié hoofstuk word daar sewe verskillende tipes akkommodasies onderskei.

Aan die einde van die hoofstuk word die totale koste vir elke tipe akkommodasie in tabelvorm weergegee.

- 5. Koste-ontleding en die klassifisering van koste
- 5.1 Koste - die omskrywing en die klassifisering daarvan
- 5.1.1 Inleiding
- 5.1.2 Gebruike van koste inligting
- 5.1.3 Primêre koste
- 5.1.4 Vaste koste
- 5.1.5 Semi vaste- en semi veranderlike koste
- 5.1.6 Verdeling van koste
- 5.1.7 Elemente van totale koste
- 5.2 Koste benodig vir die aantrekking van toeriste na die plase by die Magaliesberge
- 5.2.1 Inleiding
- 5.2.2 Voor-oprigtingskoste
- 5.2.3 Die oprigting of herstel van akkommodasie
- 5.2.4 Die oprigting en herstel van ander fasiliteite - ontspanning
- 5.2.5 Die koste om akkommodasie toe te rus
- 5.2.6 Advertensie
- 5.2.7 Kosvoorsiening
- 5.2.8 Bokoste
- 5.2.9 'n Opsomming van die totale koste
- 5.3 Koste-minimisering

5. DIE ONTLEDING VAN KOSTE VERBONDE AAN SO 'n PROJEK

5.1 Koste - die omskrywing en die klassifisering daarvan

5.1.1 Inleiding

Die begrip koste kan soos volg omskryf word: "Cost is foregoing measured in monetary terms, incurred or potentially to be incurred to achieve a specific objective" (Report of the Committee on Cost Concepts and Standards, The Accounting Review, Vol. XXVII, No. 2, p.176.)

Vergelyk ook in die verband;
Gillespie, (1959, p.3)
Matz, Usry & Curry, (1976, p.43)

Wanneer die term 'koste' gebruik word, moet dit gepaard gaan met 'n verwysing na die doel van die koste soos direkte, primêre omskakeling, indirekte, vaste, veranderlike kontroleerbare, produksie, gemeenskaplike, versoonke-, vervangings-, standaard- en toekomstige koste.

5.1.2 Gebruike van koste inligting:

Vergelyk in die verband:
Matz, Usry & Curry, (1976, p.43)

Totale koste bestaan uit materiaal en arbeid wat die primêre koste is en bijkoste, wat onderverdeel word in vaste en veranderlike komponente.* Die effektiewe aanwending van koste vir beplanning en kontrole is slegs moontlik indien 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die verskillende tipes koste.

* (Crowningshield & Gorman, 1974, p.21)

5.1.3 Primêre koste:

Vergelyk ook in die verband:
Batty, (1974, p. 231 - 235.)
Harper, (1974, p.11.)
Neuner & Deaken, (1977, p.215)

a. Direkte materiaalkoste

Dit is alle materiale wat fisies geïdentifiseer kan word met klaar-vervaardigde produkte. Waar die boer 'n woonstelletjie of 'n rondawel laat bou is die sement, stene, hout en sinkplate, staalrame van vensters, deure en loodgieterswerk, alles deel van direkte materiaalkoste. Materiaalkoste beloop ongeveer 60% van oprigtingskoste. (Bester Wonings, 1982.)

b. Direkte arbeidskoste

Dit sluit in alle arbeid wat fisies en duidelik uitkenbaar 'n deel bygedra het tot die bou van 'n gebou of enige ander produk.

Direkte arbeidskoste bestaan uit:

- i. Bouer en sy werkers by die oprigting van huise en rondawels;
- ii. Arbeid wat nodig is om gras op rondawels se dakke te lê;
- iii. Loodgietersarbeid;
- iv. Arbeid om teëls te lê in badkamers;
- v. Enige ander arbeid wat fisies bygedra het tot die bou van vakansiehuise.

- c. Die oprigting van vakansiehuise se koste kan wissel vanaf R180 tot R350 per vierkante meter. Die koste word volgens 'n sestig-veertig verhouding tussen materiaal en arbeid verdeel. Vervoerkoste is nie meer as 5% van totale materiaal-koste nie. (Bester Wonings, 1982.)

Daar bestaan egter faktore wat 'n invloed sal hê op beide materiaal- en arbeidskoste:

- i. Afstand van die stad - dit is waar die

werkers vandaan kom;

- ii. Indien die boer van sy plaaslike arbeid gebruik maak, kan koste met feitlik 30 persent daal en dit kan die oprigtingskoste tot so laag as R100 per vierkante meter laat daal.
- iii. Afstand van plantasies, sement- en steerfabrieke het 'n duidelike invloed op die vervoerkoste. Die bereikbaarheid van die boer vanaf die fabrieke bepaal hoe hoog die vervoerkoste is.

As die boer slegs 'n bestaande vertrek in die plaashuis wil restoureer bestaan die materiaalkoste, uit die verf van die vertrek en die arbeidskoste nodig om herstelwerk te verrig. Die koste is R8 per vierkante meter maar as eie arbeid aangewend word, kan dit tot R4 per vierkante meter verminder.

5.1.4 Vaste koste en veranderlike koste

Vaste koste is koste wat konstant bly ongeag die aantal huurders wat die huis beset. Vaste koste kan onderverdeel word in koste wat voorkom uit die besit van 'n bate, byvoorbeeld, waardevermindering, lisensiegeelde, assuransië en salarisse van sleutelpersoneel, en vaste koste wat vas is oor die korttermyn maar dit kan verander afhangende van aktiwiteitsvlak of aantal besoekers, byvoorbeeld donasies, advertensie, en navorsingskoste. (Gillespie, 1957, p.19 en 20.)

Veranderlike koste is koste wat verander met die verandering in die aantal besoeke. Dit sluit in koste soos instandhouding, indirekte arbeidskoste, water en ligte, asook toebehore. Aangesien koste varieer moet spesiale aandag hieraan gegee word aangesien dit ook 'n belangrike syfer is vir winsbepaling.

Vergelyk ook in die verband:
Batty, (1974, p. 281 en p.293.)

Schattke, Jensen & Bean,
(1976, p. 197.)
Van der Schroeff, (1965,
p.345 - 347.)

5.1.5 Semi veranderlike-en vaste koste

Batty, (1974, p.386) definieer semi-veranderlike koste as "Cost which contain a fixed element as a unit cost for variables expenses."

Vergelyk in die verband:
Crowningshiel & Gorman,
(1974, p.12 en p.327-328.)
Harper, (1974, p.153 en p. 159.)
Matz, Usry & Curry, (1976,
p. 153 en p.159.)

5.1.6 Verdeling van koste

Vergelyk ook in die verband:
Sorgdrager en Tromp,
(1977, p.162 - 171) vir die verbesondering van koste. Hier word koste op grond van die kousale verband aan 'n besondere departement of afdeling toegeedeel.
Van der Schroef, (1965, hoofstuk 12): " "Die verbijzondering van de kosten in het kader van de beleidsoordeling."

Klink, (1980, p.34) het opgemerk dat volgens American Institute for Certified Public Accountants, bestaan daar drie metodes vir die verdeling van koste:

a. Spesifieke-identifikasiemetode.

Die metode is gebaseer op die bepaling van die werklike koste toedeelbaar na elke deel van grond. Dit word selde gebruik by grondkoste omdat sulke koste meer as een deel insluit. Dit word egter gereeld gebruik vir direkte konstruksiekoste omdat dit 'n direkte verband het met eiendom. Die metode kan gebruik word waar prakties moontlik.

b. Waardemetode

Die metode word gewoonlik gebruik. Verdeling van koste word gebaseer op die relatiewe huidige waarde (voor-verbeteringskoste) van elke deel bevoordeel.

Voorbeeld;

Stel die gewone koste = R6 000

PROJEK

	A	B	C
Getal eenhede (huisies)	5	3	2
Beraamde koste	17 000	12 800	8 400
MIN: Direkte verbetering en verkoopskoste	12 000	9 200	7 000
Netto verkoopswaarde van direkte koste	5 000	3 600	1 400
Totale netto verkoopswaarde (A + B + C = R10 000)			
Verdeling van gewone koste: (R 6 000)			
6 000 x $\frac{6\ 000}{10\ 000}$	3 000		
6 000 x $\frac{3\ 600}{10\ 000}$		2 160	
6 000 x $\frac{1\ 400}{10\ 000}$			840
BRUTO WINS	2 000	1 440	560
Persentasie van verkope	11,8%	11,25%	6,7%

c. Gebieds- of areametode

Hierdie metode word gebruik met vierkante meter hektaar ens. as basis.

Die metode lei egter gewoonlik nie tot 'n logiese koste verdeling nie. Byvoorbeeld 'n gedeelte

langs n meer is baie duurder en meer werd as dié in die berge. As daar volgens n gemiddelde koste per vierkante meter gewerk, gaan te veel koste na goedkoop dele toe gedeel word. Die metode is slegs effektief waar die waarde per vierkante meter naastenby dieselfde is.

5.1.7 Elemente van totale koste

Die elemente kan diagramaties soos volg voorgestel word:



Totale koste kan algebraïes soos volg bepaal word en dan grafies voorgestel word

$$\begin{aligned} Y &= A + BX \\ Y &= \text{Totale koste} \\ A &= \text{Vaste koste} \\ B &= \text{Veranderlike koste per toeris} \\ X &= \text{Aantal toeriste} \end{aligned}$$

Vergelyk ook in die verband: NEUNER, (1977, p.435)

5.2 Kostes benodig vir die aantrekking van toeriste na die plase by die Magaliesberge

5.2.1 Inleiding

Die ontleding van koste begin waar die boer die be sluit geneem het om sodanige projek aan te pak totdat

die eerste toeriste aangekom het. By die ontleding van koste word die hele proses in die volgende fases onderverdeel

- 5.2.2 Voor- oprigtingskoste
- 5.2.3 Oprigting of herstel van akkommodasie
- 5.2.4 Oprigting of herstel van ander fasiliteite
- 5.2.5 Koste om akkommodasie toe te rus
- 5.2.6 Advertensie
- 5.2.7 Bokoste
- 5.2.8 Opsomming van totale koste vir die projek

5.2.2 Voor- oprigtingskoste

a. Indien die boer besluit om akkommodasie aan vakansiegangers te verhuur moet die boer, indien nodig, toestemming van die Transvaalse Raad vir Buitestedelike Gebiede verkry word. (Sien bylae E, F en G) Die volgende fooie kan in so n geval betaalbaar wees:

- i. Indien daar toestemming van n Beherende Instansie of die Administrateur verkry moet word is daar wel fooie betaalbaar.
- ii. Toestemming van TROBG - n Fooi van R75 is betaalbaar.
- iii. Indien toestemming verkry is, word n lisensie uitgereik.

Die lisensiegelde bedra:

- Aarsoek om n lisensie	R10
- Inspeksiefooie	R20
- Lisensiegelde vir ontspanningsterrein per jaar	R60
- Verblyfskoste lisensie as akkommodasie verskaf word	R40
TOTAAL	<u>R130</u>
	=====

BRON: TROBG, 1982, Lisensie-afdeling.

Opmerking:

Let wel dat die syfer n gemiddelde is en dat dit sal varieer afhangende

van die hoeveelheid
rondawels of huisies
wat opgerig word.

- iv. Om n reg te verkry in terme van die bepaling van die Wet op Omgewingsbeplanning - is geen fooi betaalbaar nie.
- v. Waar bouplanne of beoogde bouplanne ingedien moet word vir goedkeuring is die volgende fooie betaalbaar:

TABEL 5 - 1 Bouplanfooie betaalbaar aan TROGB

	Rondawels	Houthuis	Asbeshuis	Steenhuis	Woonstel	Kampeertrein
Oppervlakte	38m ²	60m ²	60m ²	60m ²	31m ²	1300m ²
Goedkeuring: R2 per m ² of n gedeelte daarvan	8	12	12	12	8	260
Riool : R5 per 50m ² of n gedeelte daarvan	5	10	10	10	5	130
Staalkonstruksie of beton R0,05 per m ²	1,90	3	3	3	1,55	1,40 *
TOTAAL	14,90	25	25	25	14,55	391,40

Bron: TROGB, 1982, bou-afdeling.

* Hierdie syfer word net op die oppervlakte van die toiletgeriewe, naamlik 28 m² bereken.

Die lisensiegelde van R60 wat jaarliks betaal moet word, word vir die doeleindes van die studie by bokoste in bere-

kening gebring.

- b. Die volgende stap is om vas te stel hoe finansiering gaan geskied, indien 'n lening aangegaan word ontstaan daar die volgende addisionele finansieringskoste:

- i. Rentekoste - 13,5% van die bedrag wat geleen is.
- ii. Inspeksiefooi - dit is nie 'n standaardkoste nie.
- iii. Kommissie en boekgelde - die bedrag is minimaal.
- iv. versekeringspremie - opsioneel.

- c. Indien van professionele hulp gebruik gemaak is tydens die beplanningsfase, moet dit ook in berekening gebring word, byvoorbeeld:

- i. Argiteksfooie - ongeveer 5% van die boukoste.
- ii. Landmeter of geoloog.
- iii. Indien 'n tekenaar gebruik word om 'n plan op te trek, kan die fooie aansienlik laer wees as die van 'n argitek.

5.2.3 Die oprigting of herstel van akkommodasie

Die fase omvat die fisiese oprigting of herstel van akkommodasie. Die fase omsluit ook die primêre deel van die boer se koste. Daar bestaan 'n groot verskeidenheid akkommodasie tipes, daarom word in die studie slegs 'n paar standaard tipes gebruik ten einde die oprigtingskoste vas te stel. Die verskillende tipes gaan kortliks bespreek word. Inligting word gebaseer op kwotasies van boukontrakteurs en eie navorsing.

- a. 'n Kamer in die woonhuis

Die koste om 'n kamer in die woonhuis te her-

stel, behoort minimaal te wees. Terselfdertyd is die risiko hieraan verbonde die minimum. Die rede hiervoor is dat die herstel van die vertrek is in elk geval tot voordeel van die boer, aangesien dit die waarde van die boer se huis verhoog. Die koste kan n maksimum bedrag van R750 beloop.

Die koste bestaan uit:

- i. Verfkoste teen ongeveer R8 per m²
- ii. Die herstel van vloeroppervlakte, vensters en deure.

b. Houthuise

Die oprigtingskoste van n huis met n oppervlakte van 60 m², teen n koste van R220 per vierkante meter, beloop ongeveer R13 200. Die houthuis het n gemiddelde leeftyd van 30 jaar. Die huis bestaan uit twee slaapkamers, n badkamer, kombuis en n sitkamer wat ook dien as eetplek, asook n plek waar addisionele beddens gesit kan word.

c. Voorafopgerigte-huis (Asbeshuis)

Die oprigtingskoste van n huis met n oppervlakte 60 m², teen n koste van R200 per vierkante meter, beloop ongeveer R12 000. Die huise het presies dieselfde spesifikasies as die van n houthuis.

d. Steenhuis

Die oprigtingskoste van n steenhuis wissel tussen R170 tot R350 per vierkante meter. Die variasie word toegeskryf aan die volgende faktore:

- i. Tipe arbeid gebruik - eie arbeid of boukontrakteurs.
- ii. Die luuksheid van die badkamers, byvoorbeeld die hoeveelheid teëls gebruik asook

die tipe vloerbedekking, byvoorbeeld mat-
te of tapyte.

- iii. Die tipe vloeroppervlakte van die huis,
byvoorbeeld matte, hout of sement.

Die oprigtingskoste van n huis met n oppervlakte
van 60 m^2 , teen n koste van R230 per vierkante
meter, beloop ongeveer R13 800. Die steenhuis
word opgerig met presies dieselfde spesifikasies
as die vorige twee huise.

e. Rondawels

Die oprigtingskoste van n rondawel met n opper-
vlakte van 38 m^2 , teen n koste van R170 per vier-
kante meter, beloop ongeveer R6 460. Die ronda-
wel het sy eie toiletgeriewe en kombuisgeriewe
asook slaapplek vir vier tot ses persone.

f. Woonwaparke en kampeerterrein

Volgens regulasies, soos opgestel deur die Trans-
vaalse Raad vir Ontwikkeling van Buite-stedelike
Gebiede (TROBG), word oppervlakte van $1\,300 \text{ m}^2$
vir elke tien staanplekke vereis. (Sien bylaag
G). Verder moet daar ten minste een waterpunt
op n sentrale punt tussen die staanplekke aange-
bring word. Die oprigting van toiletgeriewe en
opwasplekke moet geskied ooreenkomstig standaard-
vereistes soos neergelê deur die TROBG. Die op-
rigtingskoste van die toiletgeriewe en opwasplek-
ke met n oppervlakte van 32 m^2 , teen n koste van
R380 per vierkante meter, beloop ongeveer R12 000.

g. Enkelvertrekwoonstel

Die grootte van die woonstel is 25 m^2 en word so
ingerig dat vier tot ses persone gehuisves kan
word. Waar vier of meer sulke woonstelle opgerig

word kan toiletgeriewe vir gesamentlike gebruik opgerig word. Die oprigtingskoste van so 'n woonstel, teen 'n koste van R160 per vierkante meter, beloop ongeveer R4 000.

Vir die studie se doeleindes word aangeneem dat 'n badkamer binne-in die woonstel aangebou word. Gevolglik moet die woonstel se oppervlakte met 6 m² vermeerder word. Die oprigtingskoste van die addisionele 6 m², teen 'n koste van R350 per vierkante meter, beloop ongeveer R2 100.

Die totale oprigtingskoste van die woonstel met sy eie toiletgeriewe beloop in die omgewing van R6 100.

Opmerking:

Inligting ten opsigte van die oprigtingskoste per vierkante meter is verkry van 'n bekende boumaatskappy in Pretoria.

h. Tydens die oprigting van die akkommodasie geriewe moet die volgende aspekte ook deeglik in aanmerking gebring word:

i. Die beskikbaarheid van water

Indien water nie beskikbaar is nie op die punt waar die huis opgerig gaan word, bestaan daar twee alternatiewe keuses vir die boer ten einde die probleem op te los. Die moontlikhede gaan kortliks hieronder bespreek word.

I. Boorgat

'n Boorgat is slegs lonend indien daar 'n redelike sterk en standhoudende ondergrondse waterbron beskikbaar is. Weens die ligging van die plaas en die moontlike ligging van die huis, kan die vervoerkoste, dié alternatief se koste

aansienlik laat styg. Addisionele koste moet ook aangegaan word ten einde n persoon te huur om water te kom wys. Die koste om n boorgat te boer word saamgestel uit:

- (i) Die koste om die boormasjien te huur,
- (ii) die tarief per voet wat geboor word,
- (iii) vervoerkoste van die boormasjien,
- (iv) die koste van die pype en pomp wat ingesit moet word.

II Pomphuisie

Indien water van n reeds beproefde waterbron na n punt waar dit verlang word gepomp word, kan die koste oor die langtermyn baie goedkoper wees. Die boer kan ook met groter sekerheid met betrekking tot die resultaat van die besteding, die koste aangaan. Indien die boer n swembad wil bou, moet daar in elk geval n pomphuisie opgerig word. Die koste om water na die verlangde punt te pomp word saamgestel uit:

- (i) Die koste van die waterpomp,
(R1 500 tot R3 000)
- (ii) brandstof,
- (iii) slytasie
- (iv) die koste van pype wat gelê moet word. (Tabel 6-1).

TABEL 5 - 2 Die koste van waterpype (Plastiese politeen.)

Spesifikasie	SABS 300 kPa	SABS 600 kPa
	koste per meter	Koste per meter
32mm	R0,83	R1,24
40mm	1,12	1,72
50mm	1,83	2,74
65mm	2,63	5,82

Bron: Landbouweekblad, 1982, p.163.

Daar word onder die aanname gewerk dat water geredelik beskikbaar is. Water in die Magaliesberg opvangsgebied is nie baie skaars nie, daarvan getuig die teenwoordigheid van die Hartebeespoortdam. Die Hartebeespoortdam voorsien in die omliggende boere se behoeftes vir water vir besproeiingsdoeleindes.

Opmerking:

Die oprigting van 'n pomphuisie of 'n boorgat kan as 'n verbetering van die boer se belasbare inkomste afgetrek word.

ii. Elektrisiteit of gas

Elektrisiteit is die goedkoopste van die twee indien kraglyne in die nabyheid is. Dit is tans nie die geval nie, dit is egter bekend dat EVKOM wel toekomstige planne het om kraglyne oor die Magaliesberge op te rig. (Harris, 1981, p.31.) Vir die doeleindes van die studie, word aangeneem dat die boere gas gebruik. Navorsing het getoon dat die koste van gas gebruik per maand ongeveer R60 beloop.

6.2.4 Die oprigting en herstel van ander fasiliteite

a. Inleiding

Die fasiliteite kan omskryf word as toiletgeriewe, indien die geriewe apart vir gesamentlike gebruik opgerig is, en ontspanningsfasiliteite. In die punte wat volg gaan die verskillende fasiliteite duideliker omskryf word.

b. Speelkamer

Die doel van die speelkamer is om te voorkom dat kinders ledig op die plaas rondloop, en die boer te hinder in die uitvoering van die verskillende boerdery aktiwiteite. n Ou skuur of kamer kan gerestoureer word en met groot sukses in n speelkamer omskep word. Die boer kan selfs vir die groter kinders en volwassenes ook n plekkie inruim waar spele soos veerpyltjies en later miskien snoeker gespeel kan word. Die koste hieraan verbonde is minimaal, dit bestaan feitlik net uit die aankoop van spele indien nodig. As alternatief kan die boer in die brosjure wat vir advertensie saamgestel is, duidelik meld dat daar n speelkamer is en dat die kinders vir hul le spele kan saambring.

c. Swemplek

Alle vakansiegangers het n behoefte om tydens hul vakansie darem n bietjie af te koel in n swembad. Indien die boer nie oor fondse beskik om n swembad te bou nie, kan n plaasdam netjies skoongemaak word en vir die doeleindes aangewend word. Die plaasdam moet egter versterk word om te voorkom dat die dam kraak of breek. Die boer moet soos die geld inkom, geld spaar ten einde so gou as moontlik n swembad te kan bou. n Swembad is een van die belangrikste elemente van n

sukksesvolle projek.

Daar bestaan twee tipes swembaddens wat gebou kan word:

- i. n Swembad wat bo-op die grond gebou kan word.

Die swembad het n waarborg van ongeveer vyf jaar en die koste om so n swembad op te rig wissel tussen R335 en R1 900. (Kwotasie verkry van Portapool in Braamfontein.)

- ii. n Swembad wat in die grond in gebou word.

Indien die boer self die uitgraving doen kan die prys van die swembad met ongeveer 4% verminder word. n Swembad met n grootte van 3m x 7m en waarvan die gemiddelde diepte 1,5m is, se koste beloop ongeveer R3 800. Die boukoste per vierkante meter beloop gevolglik R120. (Simonis, 1982, p.5, asook advertensie in tydskrifte.) Die maandelikse instandhoudingskoste is ongeveer R50 en dit sluit die chemikalieë in.

- d. Vleisbraaiplekke

By die bou van vleisbraaiplekke, moet die gevaar van brande tot die minimum beperk wees. Die vleisbraaiplekke kan van sement of klippe gebou word indien die boer afvalyster of leë dromme op die plaas het, kan die materiaal gebruik word om roosters daarvan te maak. n Vleisbraaiplek in die boer se tuin kan met hout of riete, netjies afgeskort word. Elke vakansiehuis moet ook voorsien word van n vleisbraaiplek.

e. Stap en rotsklim

Hier is feitlik geen koste aan verbonde nie, behalwe vullisdromme wat op strategiese, maklik bereikbare punte gesit moet word. Indien die gewildheid later toeneem kan die boere later selfs oornaghutte op die berg bou. Ten einde 'n sukses van die aktiwiteite te maak, kan die boere ooreed word om hul plase beskikbaar te stel vir die daarstelling van 'n 'Magaliesberg voetslaanpad' wat oor byvoorbeeld 'n periode van drie dae afgestap kan word. Op kaart no. 2 word alle erkende rotsklim en stap areas aangedui.

f. Perdry

Die koste om 'n ryperd aan te skaf beloop tussen R200 en R400, en die koste van 'n saal en toom, ongeveer R250. (Landbouweekblad, 1982, p. 148.) Die koste van voer vir die perde beloop ongeveer R60 per maand. Die koste van 'n baal lusern is ongeveer R2 per baal.

g. Sportfasiliteite

i. Jukskeibaan


Die boer kan 'n jukskeibaan bou waar die gesin as 'n geheel 'n sport kan beoefen. Die koste om die baan op te rig asook om skeie aan te koop, beloop:

4 x pare skeie teen ongeveer R30 per paar;
Jukskeibaan - al wat benodig word is 'n vrag riviersand.

ii. 'n Meerdoelige sportbaan

Indien die boer 'n groot sementblad gooi, kan op die sementblad verskeie soorte sport

KAART No. 2 BERGKLIMPLEKKE IN SUID-AFRIKA



Bron: Van der Westhuizen, 1978, p.46.

beoefen word. Die sportsoorte is; pluimbal, ringtennis en vlugbal, en al wat die boer moet doen is: Om die grootte van die verskillende bane uit te vind en dan met verskillende kleure die bane op die sementblad in te verf. Dan moet die boer ook 'n net verskaf asook 'n plek om die net vas te maak op verskillende hoogtes soos verlang word vir elke sportsoort.

Die boer kan soos by kapitaalposisie verstewig en die vraag na sy geriewe toeneem, 'n redelike hoë dak oor die sementblad oprig. Later kan die sementblad in 'n tipe van saal omskep word. Sodoende kan 'n baie geskikte vergaderplek ontstaan, indien die boer later so besluit om sy akkommodasiegeriewe uit te brei.

Die koste om 'n sementblad van 75 mm dik te gooi beloop ongeveer R3,50 per vierkante meter. Die kwotasie is verkry van 'n bekende boumaatskappy en kan met 35 persent verminder word indien van eie arbeid gebruik gemaak word.

iii. Tennisbaan

Die koste om 'n tennisbaan op te rig verg baie hoë kapitale koste. Uit kwotasies verkry kan die oprigtingskoste wissel tussen R5 000 en R8 000 en dan moet die baan periodiek (ongeveer 7 - 10 jaar) oorgeverf word. Die tydperk wat die baanblad geskik sal wees vir tennis, voordat dit weer oorgeverf moet word, sal baie afhang van die versorging van die baan deur die jare.

Die boer moet 'n kennisgewing aanbring wat aantoon dat net persone met die regte tipe seilskoene toegelaat word om te speel en

dat geen koeldrankblikke- en bottels op die baan geneem mag word nie.

h. Fasiliteite vir dagbesoekers:

n Dagbesoeker word soos volg deur die TROBG ge-identifiseer : "n Persoon wat vir n maksimum tydperk van 18 uur in n openbare oord vertoef en nie daar oornag nie" n Dagbesoeker gaan na n vakansieoord slegs om twee redes, naamlik: om te gaan piekniek hou en om te gaan ontspan. Dagbesoekers kan vir die boer n baie belangrike bron van inkomste wees, veral buite skoolvakansie op Saterdag en Sondag. Die tarief wat die boer per persoon of per motor vra, gaan feitlik net so na die boer se sak toe. Daar is geen koste wat spesiaal aangegaan is vir dagbesoekers nie, miskien addisionele vleisbraaiplekke.

Dit is gevolglik baie belangrik dat die boer tog spesiale aandag aan fasiliteite vir dagbesoekers gee. Die fasiliteite waarop dagbesoekers let, is:

- i. Toiletgeriewe;
- ii. Geskikte koeltebome;
- iii. Vleisbraaiplekke;
- iv. Swemplek, veral in die somer;
- v. Ontspanningsplek - Verskeidenheid sportsoorte en spele vir kinders;
- vi. Besienswaardighede, indien daar is;
- vii. n Plek waar hulle daar rustig kan stap en die natuurskoon bewonder. n Stroompie en of waterval is in die besonder geskik vir die doel.

i. Ander ontspanningsfasiliteite:

- i. Die boer kan in die aande films vertoon met voorprente oor verskillende boerdery-aktiwiteite;

- ii. Indien daar 'n dam op die plaas is, kan die boer 'n paar roeibootjies aanskaf en selfs miskien oorweeg om vis van 'n vis-teelplaas aan te koop en in die dam te gooi ten einde hengelaars te lok. Die koste om 'n roeiboot te koop, wissel uit kwotasies verkry van R250 tot R400, inligting is verkry by 'n boothandelaar;
 - iii. Oprigting van skoppelmaaie en glyplanke vir kinders;
 - iv. Die boer kan die vakansiegangers, en veral die kinders, aktief laat deelneem aan boerderyaktiwiteite, byvoorbeeld: koeie melk en trekker bestuur.
- j. Punte waarop die vakansieganger let
- i. Toiletgeriewe

Die toestand van die toiletgeriewe is baie belangrik, die boer se vrou kan haar oordeel gebruik en die toilette met prente en hekelwerk 'n regte plaasatmosfeer gee.
 - ii. Tuine

'n Sleutel tot die sukses van enige persoon se ontspanning in die buitelug is 'n netjiese omgewing. Die boer kan deur 'n netjiese tuin met inheemse bome die vakansieganger se hart sag maak en dit sal slegs lei tot goeie advertensie vir sy vakansieplaas. Ten einde geld te spaar, kan die boer en sy vrou hul inisiatief gebruik en met eie arbeid hul plaashuis in 'n paradys omskep.
 - iii. Paaie en parkeerplekke

Paaie moet maklik begaanbaar wees en moet geen gevaar vir die motoris inhou nie. Die koste om paaie te maak, kan tot die minimum beperk word deur gebruik te maak van plaaslike arbeid.

Parkeerplek en die versorging van die vakansieganger se motor kan baie bydra tot die sukses van die vakansie. Die vakansieganger soek koelte en skuiling vir sy motor, indien daar n skuur op die plaas is, sal die beslis voldoen aan die vereistes. Die boer kan selfs die vakansiegangers se motors laat was by aankoms. Dit is na sulke fyner puntjies waarna die vakansiegangers oplet.

iv. Beligting moet indien moontlik verskaf word by toiletgeriewe, vleisbraaiplekke en parkeerplek.

v. n Lys van besienswaardighede in die Magaliesberge verskyn in Aanhangsel B, en dit is belangrik dat die boer die vakansieganger op alle besienswaardighede in die nabyheid van die plaas wys.

k. Opsomming

Dit is belangrik dat die boer n naam vir sy vakansieplaas maak - n Goeie voorbeeld is Mnr. Bouwman van Potgietersrus wat sy plaas die naam van "Bouwman Santa Stoetery" gegee het (Aanhangsel C.)

Die omgewing leen hom tot bykans alle vorms van buiteligontspanningsgeleenthede toe. Jeugherberge, jeugkampe, vakansieplekke vir bejaardes, gestremdes, siekes wat wil rus en herstel op die platteland, leierskursusse vir kinders, terreine vir saamtrekke, hengeloorde, voël- en wild waar-

nemingsposte, piekniek fasiliteite, boctry, perdry en voetslaanpaaie is voorbeelde van die aktiwiteite wat die boere op hul plase kan laat plaasvind.

Alle aktiwiteite soos stap, rotsklim en wandelpaaie het geen koste nodig nie, daar sorg die natuur vir die boer. Vir die studie se doeleinde gaan die koste vir ontspanningsfasiliteite op R200 beraam word. Dit sluit slegs in, die oprigting van vleisbraaiplekke en sportfasiliteite, byvoorbeeld jukskei. As gevolg van die tekort aan kapitaal by die boere gaan daar nie voorsiening gemaak word vir fasiliteite wat kapitaal vereis nie. Indien die boer later van tyd kapitaalkragtiger word, kan hy begin om geld aan die ontspanningsfasiliteite te bestee. Die boer moet egter eers deeglike navorsing doen deur middel van die uitreiking van 'n vraelys aan vakansiegangers, waarop hulle kan aantoon wat, volgens hulle, nog opgerig moet word.

5.2.5. Die koste om akkommodasie toe te rus

Na aanleiding van brosjures van openbare oorde ontvang, is die volgende lys van die standaard toerusting en meubelment in 'n rondawel of 'n huis vir vyf persone saamgestel:

(Sien Tabel 5 - 3 op volgende bladsy.)

Opmerking:

Die koste van die verskillende items is 'n gemiddeld van inligting verkry van verskillende meubelhandelaars.

TABEL 5 - 3 Die standaard toerusting en meubelment
in 'n vakansiehuis

Soort	Hoeveel- heid	Koste
Dubbelbed	1	R 180
Enkelbed	1	R 100
Stapelbed	1	R 160
Tafel en vyf stoele	1	R 180
Gasstofie	1	R 140
Gas yskas	1	R 260
Gas waterverwarmingstoestel	1	R 268
Klein matjies	3	R 9
Rubber matjies	2	R 4
Eetgerei en breekgoed (Aanhangsel D)	-	R 300
Gordyne vir vensters @ R2.50 per meter.	12m	R 30
Dekens	4	R 73
Kussings	5	R 20
Vullisdrom	1	R 15
Brandblusser	1	R 20
Linne en komberse word nie ver- skaf nie.		
TOTAAL		R1 759

Bron: Brosjures ontvang van vakansieoorde, asook
eie waarneming.

Indien 'n vertrek in die woonhuis verhuur word, is die
koste aansienlik minder. In baie gevalle beskik die
boer reeds oor meeste van die meubels. Die volgende
meubels moet in 'n vertrek vir vier persone beskik-
baar wees:

1 dubbelbed R 180

1	stapelbed		R	150
4	kussings		R	16
3	dekens		R	54
				R 400
				=====

Aanname: Linne word deur die boer verskaf.

Vir die woonwapark se toiletgeriewe moet n paar rubber-matjies aangeskaf word.

Die Ontvanger van Inkomste laat n waardeverminderingpersentasie van 10% toe. Die toerusting se slopingswaarde kan op R250 beraam word.

5.2.6 Advertensie

Die basiese doelstelling van n reklamebeleid is maksimum wins. Ten einde vir die boer n konstante vloei van inkomste te verseker, word n effektiewe reklame en advertensie van die projek vereis.

Die volgende faktore moet in aanmerking geneem word by die beplanning van advertensies:

- a. Relatiewe koste van verskillende brosjures en koerante.
- b. Die deel van die populasie wat advertensies wil bereik.
- c. Tydigheid - drie tot ses maande voordat brosjures beskikbaar gestel word, moet dit geadverteer word.
- d. Leeftyd op boekrak - sommige tydskrifte word vir maande op die rak gehou terwyl n koerant slegs eenkeer gelees word voordat dit weggegooi word.

In Suid-Afrika bestaan daar n verskeidenheid van reklame media wat deur die besigheidswêreld gebruik kan word. Dit word kortliks aan die hand van tabel 5-4 geïllustreer.

TABEL 5 - 4 BERAAMDE REKLAMEBESTEDING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1970 TOT 1976 (R000) (TEEN HEERSENDE PRYSE)

MEDIUM	1970		1972		1974		1976	
	Bedrag	%	Bedrag	%	Bedrag	%	Bedrag	%
Pers	78 538	56,2	97 138	56,8	141 366	59,3	176 866	60,0
Radio	14 129	10,1	17 921	10,5	25 928	10,9	36 967	12,2
Buitereklame	9 100	6,5	10 500	6,1	14 121	5,9	14 451	4,8
Bioskoop	6 800	4,9	7 000	4,1	9 239	3,9	10 540	3,5
Beeldradio	Geen	0,0	Geen	0,0	Geen	0,0	Geen	0,0
Direkte posreklame'	11 890	8,5	15 460	9,1	20 049	8,4	23 081	7,7
Uitstallings en skoue'	3 035	2,2	3 451	2,0	4 176	1,8	4 424	1,4
Vensteruitstalling en verkocppuntreklame'	6 700	4,8	7 776	4,5	9 493	3,9	11 892	4,0
Bemarkingsgerigte skakelwerk'	2 600	1,9	2 970	1,8	3 659	1,5	4 506	1,5
Diverse (algemene) en skakelwerk'	6 900	4,9	8 700	5,1	10 526	4,4	14 597	4,9
TOTAAL	139 692	100,0	170 916	100,0	238 557	100,0	296 424	100,0
Persentasieverandering op vorige twee jaar	-		22,3		39,6		24,3	

Bron: Lucas, 1979, p.478

Opmerking:

Intussen het televisie naas die pers die leidende rol in reklamewese in Suid-Afrika

oorgeneem.

Inligting en wenke met betrekking tot advertensies:

- a. Ten einde begroting in te kort en maksimum sukses te behaal, is dit die effektiefste om relatiewe klein maar goed bewoorde advertensies oor 'n tydperk van weke of maande uit te gee.
- b. Eienskappe van so 'n advertensie:
 - i. Suksesvolle aanwending van hoofletters vir treffendheid.
 - ii. Inligting met betrekking tot tariewe, plek waar geleë, asook fasiliteite wat aangebied word, moet beskikbaar wees.
- c. Sommige koerante het spesiale vakansie-uitgawes gedurende 'n vakansie seisoen en daar kan met sukses hiervan gebruik word.
- d. Die advertensie moet die regte deel van die populasie bereik, byvoorbeeld ten einde dag besoekers oor naweke te lok, is reklame in omliggende stedelike gebied 'n vereiste.

Die pers as advertensiemedia verteenwoordig die goedkoopste manier om reklame van die projek onder die aandag van die grootste deel van die publiek te bring.

In Engeland waar die tipe vakansies baie gewild is, is die volgende tabel 5 - 5, uit navorsing opgestel van mense wat belangstel. Die verdeling geskied volgens beroepe.

TABEL 5 - 5 DIE PERSENTASIE VERSPREIDING VAN BE-
SOEKERS VOLGENS BEROEPE

(Sien volgende bladsy)

TABEL 5 - 5 Die persentasie verspreiding van besoekers volgens beroepe

BEROEPS-AGTERGROND	%
PROFESSIONEEL	
Ingenieurs	17,2
Onderwysers/Lektore	9,4
Staatsamptenare	9,4
Rekenmeesters/Beplanners	4,7
Wetenskaplike Navorsers	3,1
Ander	3,9
TOTAAL	47,7
KOMMERSIËEL	
Direkteure/Bestuurders	12,6
Verkoopslui en Klerke	10,1
Bank/Versekeringsamptenare	8,6
Ander	2,3
TOTAAL	33,6
HANDEL EN NYWERHEID	
Werktuigkundiges/Passers en Draaiers/	
Sweisers	9,4
Bouers/Skrynwerkers/Messelaars ensovoorts	7,0
Ander	2,3
TOTAAL	18,7
GROOTTOTAAL	100,0

Bron: Davies, 1973, p.15

Aangesien dit in Suid-Afrika n nuwigheid is, bestaan daar nie sulke gegewens nie. Daar kan deur middel van vraelyste vasgestel word wat die tendens in Suid-Afrika is, ten einde vas te stel in watter sektore advertensie moet beklemtoon word.

Die radio en televisie as advertensiemedia word weens die hoë koste daaraan verbonde nie gebruik nie.

Die koste om n advertensie in n koerant te plaas kan

uit die volgende tabel bepaal word:

TABEL 5 - 6 ALGEMENE GEKLASSIFISEERDE TARIEF
VIR ADVERTENSIES

	MAANDAG	tot	SATERDAG
Geklassifiseerd	77 sent tarief per reël		
Half vertoon	83 sent tarief per reël		
Vertoon	R5,40 per sentimeter kolom.		

Bron: Kalender, Bylae tot Beeld, 2 Oktober 1982.

Opmerking:

Daar bestaan ook vir privaat adverteerders n reeks kortingsplanne. Die adverteerder kry dan n sekere % korting as hy n reeks advertensies vir n sekere tydperk, byvoorbeeld n maand adverteer.

Volgens tariewe in die tabel verskaf, kan advertensiekoste beraam word op n bedrag van R139 per maand. Die koste word soos volg bereken: (Inligting word gebaseer op eie navorsing.)

Die advertensie bestaan uit 6 reëls, teen n koste van R0,77 per reël.

$$\begin{aligned}\text{Die koste per dag} &= \text{Tarief per reël} \times \text{aantal reëls} \\ &= R0,77 \times 6 \\ &= R4,62\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\text{Die koste per maand} &= \text{Koste per dag} \times \text{aanatal dae.} \\ &= R4,62 \times 30 \\ &= R140\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}\text{Die koste per jaar, indien daar vir 150 dae van die} \\ \text{jaar geadverteer word} &= R4,62 \times 150 \\ &= R693 \text{ sê } R700\end{aligned}$$

Die ander tipe advertensie wat ook gebruik word, is direkte pos.

Wanneer belangstellendes, na aanleiding van advertensies in die koerant meer inligting verlang, moet n brosjure aan die persoon gestuur word. Die beraamde koste om n brosjure, wat uit twee bladsye bestaan, te laat tik en 100 kopieë daarvan te maak, kan op ongeveer R50 beraam word. (Sien bylae C - n voorbeeld.)

Waar die boer slegs n vertrek in sy woonhuis beskikbaar stel vir akkommodasie kan die advertensiekoste op R300 beraam word. Die bedrag word saamgestel uit advertensie in nuusblaaie asook brosjures.

Die boer kan ook aan die reisburo en toeristeburo brosjures beskikbaar stel ten einde dit onder die aandag van belangstellendes te bring.

Indien alle akkommodasie vol bespreek is vir die jaar hoef die boer nie meer daaglik te adverteer nie. Advertensie kan weer daaglik hervat word ongeveer 3 maande voor die aanvang van die volgende seisoen.

5.2.7 Kosvoorsiening

a. Inleiding

Die sukses van n vakansie lê dikwels in die kwaliteit van etes wat aangebied word. Die voorbereiding en bediening van etes moet aantreklik wees, byvoorbeeld blomme op die tafel en netjies gevoude servette en kleurvolle tafeldoek. Die goue reël is dat kos gaar, aantreklik voorberei, warm en in groot genoeg porsies volgens aanvraag bedien word.

Daar moet egter voldoende fasiliteite wees om sodanige etes voor te berei. Waar die boer net vir een gesin etes voorberei, behoort sy vrou met die fasiliteite tot haar beskikking reg te

kom. Waar die aantal persone waarvoor etes voorberei moet word egter begin uitbrei, word addisionele fasiliteite benodig, soos byvoorbeeld, n groter menger, n groter oond, n groter yskas en ekstra eetgerei.

In Engeland is die metode baie gewild, maar in Suid-Afrika is dit nog baie onbekend.

- b. Die invloed wat kosvoorsiening op die boer en sy gesin, veral sy vrou, gaan hê.

Die eerste en belangrikste vereiste is dat die boer en sy gesin maklik met ander mense kan kommunikeer, en dat hulle dit geniet om gaste in die huis te hê.

Dit neem gemiddeld twee tot drie ure per dag om bed- en ontbyt te verskaf, en as aandete ook voorberei word, kan dit tot dubbel die tye in beslag neem. Die tyd benodig is egter afhanklik van die aantal gaste, die tipe ete wat voorberei word, en die algemene vlak van die organisasie. Afhangende van die tipe en grootte van so n onderneming kan arbeid gehuur word.

Tesame met die take bestaan daar take wat buite seisoen gedoen moet word, soos versiering, tuinwerk en voorbereiding van gastekamers voor die begin van die volgende seisoen. Die boervrou kan ook in die tyd konfyt, blattjang en ander tuisvervaardigde produkte maak. Deur groentes vroegtydig op te kerf en te bevries kan ook baie tyd bespaar word.

- c. Spyskaartbeplanning

Deur n spyskaart uit te werk en dit weekliks of twee weekliks te roteer kan baie tyd gespaar word omdat die aankope en beplanning van bestanddele benodig, baie vergemaklik word.

Punte wat in aanmerking geneem moet word by die opstel van spyskaarte:

- i. Etes moet gebalanseerd wees en daar moet n verskeidenheid wees;
- ii. Balanseer etes wat maklik is om voor te berei en die wat meer tyd in beslag neem;
- iii. Begin deur etes voor te berei waarvan gaste hou en waarin jyself ook vertrouwe het;
- iv. Die kwaliteit van die eerste ete wat verskaf word aan nuwe gaste, sal die gewildheid van etes en die tipe vakansie tot voordeel strek;
- v. Namate ondervinding opgedoen word kan meer ingewikkelder maar aantrekliker etes voorberei word;
- vi. Etes moet sodanig wees dat die kwaliteit nie verswak indien dit warm gehou word vir nuwe gaste wat laat arriveer nie;
- vii. By die voorbereiding van n ete moet higiëne en netheid altyd die hoogste prioriteit geniet.

d. Ontbyt

Dit is die maklikste ete om te beplan en voor te sit. Meeste gaste verwag egter n boere ontbyt, wat hulle deur die dag sal dra tot en met aandete. Dit word aanbeveel dat daar n variasie moet bestaan om te voorkom dat gaste verveeld raak met dieselfde spyskaart elke dag. Daar moet ook aan gaste gevra word hoe hulle hul eiers bedien wil hê.

TABEL 5 - 7 Die Gemiddelde koste van n ontbyt vir een persoon.

(Sien volgende bladsy)

Die koste van bestanddele per persoon:

Ham		50c
2 x Eiers		15c
Wors		50c
Tamatie		15c
Vrugtesap		30c
Melk		30c
Suiker		3c
Konfyt		5c
Koffie		7c
2 x Snye brood		5c
Botter		5c
Kaas		15c
		R2,30
		=====

Bron: ANON, 1980, p.15 en eie navorsing.

Die volgende kan op versoek verskaf word:

Mieliepap		20c
Graanvlokkies		30c

In Suid-Afrika is veral mieliepap vir ontbyt 'n egte boere tradisie. Kos wat aangebied word moet varieer, bogenoemde tabel word slegs gebruik ten einde 'n standaard te bepaal.

e. Tee en toebroodjies

Gaste kan tee en toebroodjies geniet en die koste beloop ongeveer R0,50c per persoon. Die tee en toebroodjies kan dien om die gaste deur te help tot by aandete.

f. Middagete

Verpakte middagete kan voorsien word indien gaste

wil gaan stap of hengel. Die pakkie bestaan uit n tamatie, appel, gekookte eier, stukkie kaas en drie toebroodjies. Daar kan selfs n fles met koffie of tee beskikbaar gestel word. Indien die fles breek, moet die gaste dit egter vervang.

TABEL 5 - 8 Die gemiddelde koste van n kos-pakkie vir een persoon

Gekookte eier		7c
Tamatie		13c
Appel		15c
Kaas		15c
3 x toebroodjies.....		20c
		<u>70c</u>
		====

Bron: Eie navorsing.

Daar word geen amptelike middagete verskaf nie, aangesien aandete redelik vroeg bedien word.

g. Aandete

In Engeland waar die tipe vakansie baie gewild is, verskaf nie alle boere aandetes nie. (Vergelyk ook in die verband: Tabel 7 - 2.)

Redes vir aandetes:

- i. Maak dit aantreklik vir gaste om langer te bly;
- ii. Daar bestaan geen ander eetplek in die omgewing nie;
- iii. Etes moet verskaf word ten einde in kompetisie te bly;
- iv. Etes moet in elk geval vir die boer en sy gesin berei word;
- v. Om beter kennis te maak met gaste.

Rede teen die voorbereiding van aandetes:

- i. Die boer kan nie genoeg vra om addisionele koste betrokke te regverdig nie.
- ii. Daar is nie genoeg tyd en arbeid wat benodig word nie;
- iii. Ander eetplekke in die onmiddellike omgewing.

TABEL 5 - 9 Die koste van n aandete vir een persoon

Bestanddele	Koste per porsie
Melk	0,30c
Suiker	0,03c
Botter	0,05c
Konfyt	0,05c
Koffie	0,07c
Brood	0,05c
Drie soorte groentes	0,80c
Slaaie	0,50c
Vleis	1,10c
Sous	0,10c
Nagereg	0,50c
Koekies	0,15c
	<u>R 3,70c</u>

Bron: ANON.. 1980, p.16.

Sop teen 25c per porsie kan op versoek bedien word.

Opmerking:

Die koste per porsie is n be-
raamde koste en word op eie
navorsing gebaseer.

- h. Die totale koste benodig vir die voorbereiding van etes

Navorsing het aan die lig gebring dat die gemiddelde grootte van gesinne wat gaan vakansie hou, is drie persone. In Engeland het navorsing met betrekking tot plaasvakansies, die volgende interessante resultate in verband met hierdie saak opgelewer: Tabele 5-10 en 5-11.)

TABEL 5 - 10 Die persentasie verspreiding van vakansiefamilies na aanleiding van die getal kinders

Tipe Akkommodasie.	getal kinders in die gesin					TOTAAL	Gemiddelde per gesin
	0	1	2	3	4 en meer		
	%	%	%	%	%	%	GETAL
Vertrek in woonhuis met etes	65	12	15	7	1	100	0,7
Rondawels, woonstelle en huise	19	13	32	18	18	100	2,1
Woonwapark	54	8	32	3	3	100	0,9
Totaal	52	9	30	5	4	100	1,0

Bron: Davies, 1973, p.13

TABEL 5 - 11 Die persentasie verspreiding van kinders in die besetting van akkommodasie, volgens die ouderdom van die kinders

(Sien volgende bladsy)

TABEL 5 - 11 Die persentasie verspreiding van kinders in die besetting van skkonnodasie volgens die ouderdom van die kinders

Ouderdom	-5	5	- 12	Ouer as 12	TOTAAL
Tipe akkonnodasie					
Vertrek in woonhuis met etes	%	%		%	%
	26	61		13	100
Rondawels, woonstelle en huise	30	48		22	100
Woonwepark	17	50		33	100
Totaal	20	51		29	100

Bron: Davies, 1973, p.13.

Vir die doeleindes van die studie word op n besettings- syfer van 70 dae van die jaar gewerk. Die totale koste vir etes voorberei kan soos volg bereken word:

Ontbyt @ R2,30 x 3 persone = R6,90 per dag x 70 dae =R483
Aandete @R3,70 x 3 persone =R11,10 per dag x 70 dae =R777
Tee en
toebrood-
jies @ 50c x 3 persone =R 1,50 per dag x 70 dae =R105
Verpakte
middag-
ete @ 70c x 3 persone =R 2,10 per dag x 70 dae =R147

R1512
=====

Bron: Eie navorsing, 1982

Opmerking: Indien die boer selfvoorsienend is ten opsigte van sekere produkte, kan die koste aansienlik verminder. Vir die studie doeleindes word 15% van die koste afgetrek om voorsiening te maak vir die selfvoorsienendheid van die boer. Die koste wat gevolglik vir berekeningsdoeleindes gebruik gaan

$$\begin{aligned}\text{word is : } R1500 &- (1500 \times 0.15) \\ &= R1275\end{aligned}$$

Aangesien die tipe vakansie-tydbesteding nog nie in Suid-Afrika pos gevat het nie, word die koste net by die kamer in die woonhuis wat verhuur word in berekening gebring.

5.2.8 Bokoste

a. Lisensiegeld

Daar moet jaarliks 'n bedrag van R60 aan die TROBG betaal word.

b. Onderhoud

Dit behels die take wat meestal gedoen word buite vakansieseisoene en die koste bedra ongeveer R200 per jaar. Waar die oprigtingskoste minder as R10 000 is, kan 'n bedrag van R150 afgetrek word vir die onderhoudskoste. Onderhoud en instandhouding wat periodiek gedoen moet word, soos byvoorbeeld verf van die huis elke 3 tot 5 jaar, kan, waar daar meer as een gebou is wat geverf moet word, op 'n rotasie basis gedoen word. Elke jaar kan 'n ander gebou geverf word. Onderhoudskoste sluit ook die skoonmaak van en nagaan van toerusting, nadat die huurder dit verlaat het, en net voordat 'n nuwe huurder verwag word, in.

'n Netjiese en skoon huis lok altyd goeie kritiek uit en dit lei tot goedkoop en effektiewe advertensie vir die boer se projek deur die huurders. Dit is belangrik dat die boer die huurder vroegtydig daarop wys dat alle skade wat deur die huurder of sy gesin se toedoen aangerig word, deur die huurder self herstel word. 'n Effektiewe metode wat al deeglik beproef is by ander oorde, is om die huurder 'n sekere deposito te laat betaal en by sy vertrek ontvang hy sy deposito terug, slegs

as geen skade aangerig is nie.

Die volgende moet in aanmerking gehou word om onderhoudskoste so laag as moontlik te hou:

- i. Gereelde nasien van yskaste, stowe en waterverwarmingstoestelle.
- ii. n Aansienlike besparing kan gedoen word deur stene aan die binnekant van die huise en rondawels te hê, sodat geen verfwerk nodig is nie.
- iii. Sementvloere het minder onderhoud nodig as n houtvloer of n vloer bedek met matte.

c. Vandalisme

Ondersoek by Christiana en Potchefstroom se vakansieoorde het aan die lig gebring dat dit veral toiletgeriewe is wat deurloop. As daar nie goeie kontrole uitgeoefen word nie kan die bedrag groot somme geld beloop. (Van Staden, 1977, p.29.)

Die volgende voorsorgmaatreëls kan getref word ten einde vandalisme te beperk:

- i. Verskaf n aantreklike, netjiese en n goeie kwaliteit fasiliteit. n Slordige en bouvallege fasiliteit trek vandalisme aan.
- ii. Verwyder of vervang beskadigde toerusting of herstel sodanige beskadigde areas of verf beskadigde plekke so gou as moontlik.
- iii. Verlig die area.
- iv. Voorsien indien moontlik, sekuriteitswagte en kweek by die personeel die bewustheid om op te let na sodanige aktiwiteite.
- v. Fasiliteite moet so opgerig word dat dit feitlik gedurig onder iemand se oog is.

d. Vuur

Versekering as dekking teen brande is 'n noodsaaklikheid. Die boer moet die gevaar van brande tot die minimum beperk deur korrekte voorsorgmaatreëls te tref. Elke huisvesting moet voorsien word van 'n brandblusser en enige vlambare materiaal of toerusting wat naby die stoof of vuurmaakplek is moet verwyder word. Die koste vir versekering van huisvesting teen brand beloop ongeveer R15 per jaar.

e. Lone

Die personeel bestaan uit:

- i. Die boer en sy vrou.
- ii. Een persoon vir die skoonmaak van huisvesting.
- ii. Een persoon vir die skoonmaak van terrein.

Die boer maak gebruik van eie arbeid en dit is dus nie nodig vir die boer om addisionele koste aan te gaan nie. Die koste om 'n persoon in diens te neem is ongeveer R80 per maand en dit sluit nie voedsel en verblyfskoste in nie.

f. Rommel en vullis

Ten einde die plaas netjies te hou en 'n goeie indruk te skep is dit noodsaaklik om genoeg vullisdromme op strategiese plekke te sit. 'n Persoon moet aangestel word wie se taak dit is om te kyk na die netheid van die terrein en om te sorg dat dromme gereeld leeg gemaak word.

Die koste om 'n vullisdrom aan te skaf beloop ongeveer R15 per drom. Die boer hoef net by akkommodasie plekke aangekoopte dromme te sit, verder kan

netjies geverfde leë olie- en dieseldromme vir die doel gebruik word. n Slagspreuk soos "Hou die terrein skoon" kan op die dromme geverf word ten einde die treffendheid te verhoog. Die koste om die drom gereeld leeg te maak kan die minimum beloop indien van kar en perde gebruik gemaak word.

g. Rente op kapitaal

Dit word gewoonlik jaarliks betaal maar afhangende van die feit of die boer n gesonde kontantvloei het, kan rentebetaling maandeliks geskied. Die huidige rentekoers is ongeveer 13,5% en dit varieer, afhangende van die hoeveelheid geld beskikbaar en die ekonomiese posisie van die land. Daar kan aansienlike bedrae bespaar word by die oprigting van n huis, tot soveel as 20% van totale oprigtingskoste kan gespaar word deur van eie arbeid gebruik te maak.

As gevolg van die moontlike besparing gaan in die studie aangeneem word dat die boer 50% van die oprigtingskoste van n akkommodasietipe in die vorm van n lening moet verkry.

Tabel 5 - 12 toon aan hoeveel geld geleen word, die termyn van die lening asook die rente wat jaarliks betaal moet word. (Sien volgende bladsy.)

Rente op kapitaal kan van toepassing wees op die bedrag geleen of slegs op die geleende bedrag uitstaande. Indien die laaste geval van toepassing is, word die rentebetaling jaarliks kleiner. Rente op kapitaal geleen, mag vir belastingdoelendes afgetrek word.

TABEL 5-12 n Opsomming van die hoeveelheid geld geleen en die rente terugbetaling wat gedoen moet word

Akkommodasie-tipe	Woon-stel	Asbes-huis	Hout-huis	Steen-huis	Ronda-wel	Karavaan en kam-peerter-rein
Oprigtingskoste	R6100	R12000	R13200	R13800	R6460	R12200
Lening	R3050	R 6000	R 6600	R 6900	R3230	R 6100
Termyn	5jaar	7 jaar	7jaar	7jaar	5jaar	7jaar
Rente per jaar teen 13,5%	R 412	R 810	R 890	R 930	R 436	R 825
Paalement per jaar (benaderd)	R 610	R 860	R 940	R 990	R 646	R 870

Bron: Eie navorsing, 1982.

h. Waardevermindering

Die Ontvanger van Inkomste laat n waardevermindering-skoers van 10% op toerusting volgens die verminderde saldo of vaste paalement metode toe. Die waarde van toerusting is ongeveer R1750. Dit word beraam dat die toerusting aan die einde van hul leeftyd van 10 jaar, n slopingswaarde van R250 behoort te hê.

Die waardevermindering vir die eerste drie jaar volgens albei metodes kan soos volg bereken word:

	Vaste paalement metode	Verminderde saldo metode
Jaar 1	$R1500 \times 10\% = R150$	$R1500 \times 10\% = R150$
Jaar 2	$R1500 \times 10\% = R150$	$R1350 \times 10\% = R135$
Jaar 3	$R1500 \times 10\% = R150$	$R1215 \times 10\% = R122$

Opmerking: Slopingswaarde van R250 moet afgetrek word voordat waardevermindering bereken word.

i. Belasting

Belasting moet op netto inkomste bepaal. Die boer moet seker maak dat hy al die bedrae aftrek waarop hy geregtig is. Dit kan die boer baie handig te pas kom as hy die handleiding oor inkomstebelasting wat deur 'n plaaslike versekeringsmaatskappy uitgegee word bekom. Die boer kan ook gebruik maak van professionele dienste vir die invul van sy belasting vorm.

j. Ander koste

Boekgelde vir registers en kwitansieboeke is minimaal en word nie in berekening gebring nie.

Elektrisiteit - die koste van gas bedra ongeveer R60 per maand (30 dae) vir elke akkommodasie-tipe.

Brandstof se koste word nie in berekening gebring, aangesien daar nie spesiaal vir die projek of gaste rondgery word nie. Al vervoer wat die boer benodig is om die vul-lisdromme leeg te maak en om gassilinders te vul.

Brandblussers moet in elke akkommodasieplek gemonteer word.

k. Opmerking

Aangesien die totale aantal dae wat skool vakansies en langnaweke insluit 100 dae is, word alle veranderlike kostes op die aantal dae bereken.

SOORT KOSTE	KAMER IN WOONHUIS		HOUTHUIS		ASBESHUIS		STEENHUIS		WOONSTEL		RONDAWEL		KAMPEERTER-REIN	
	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik	Vas	Veranderlik
Vooroprigtingskoste:														
Gelde aan TROEG			170		170		170		160		170		430	
Argiteksofooie			300		280		320		140		150		280	
Oprigtingskoste:	750		13200		12000		13800		6100		6460		12200	
Ontspanningsfasiliteite			200		200		200		150		200		200	
Koste van toerusting	400		1750		1750		1750		1750		1750		60	
Advertensie		200		700		700		700		500		500		700
Kosvoorsiening		1275												
Bokoste :														
Lisensiegelde			60		60		60		60		60		60	
Onderhoud		50		200		200		200		150		200		200
Waardevermindering	40		150		150		150		150		150			
Rommel en Vullis														
Elektrisiteit		35		250		250		250		200		250		250
Rente op kapitaal			890		810		930		411		436		825	
	1190	1560	16720	1150	15420	1150	17380	1150	8921	850	9376	950	14055	1150
TOTALE KOSTE:	R2750		R17870		R16570		R18530		R 9771		R10326		R15205	

Bron:
Eie navorsing - 1982.

5.3 Koste-minimiserings

5.3.1 Inleiding

Koste minimiserings het hoofsaaklik te doen met die vermindering van veranderlike koste wat van dag tot dag voorkom asook die inperking van die aangaan van onnodige vaste koste, byvoorbeeld, onnodige aankoop van meubels. Koste vermindering kan omskryf word as n beplande en positiewe benadering in die verbetering van doeltreffendheid.

5.3.2 Die volgende faktore moet in aanmerking geneem word by koste minimiserings

- a. Goeie kontrole oor geld bestee - dit kan slegs deur suksesvolle boekhouding geskied.
- b. Arbeidskoste maak n prominente deel van veranderlike koste uit en die boer kan van eie arbeid gebruik maak. Sodoende hoef die boer nie addisionele koste aan te gaan en n ekstra arbeider indiens te neem nie. Die aard van die werk is ook egter van so n aard dat dit nie nodig is om n spesiaal opgeleide werker indiens te neem nie.
- c. Die boer kan n kort kursus in besigheidsbestuur gaan doen by een of ander opvoedkundige inrigting of deur middel van korrespondensie. Die doel hiervan is om die fundamentele beginsels van besigheidsbestuur onder die boer se aandag te bring.
- d. Die aangaan van koste wat nie werklik nodig is nie moet tot die minimum beperk word.
- e. Tot tyd en wyl die boer homself finansieel versterk het, moet die aangaan van skulde op fasiliteite wat nie werklik nodig is nie tot die minimum beperk word. Byvoorbeeld, om n swembad te bou terwyl die boer oor n plaasdam beskik.

- f. Deur 'n begroting op te stel en daarvolgens te werk kan die boer vroegtydig vir koste begroot om te verseker dat daar genoegsame fondse is om die koste te delg.

5.5.3 Gevare van 'n koste verminderingspoging

- a. Dit kan gebeur dat terwyl koste in die een sektor of afdeling verminder word, dit net weer in 'n ander afdeling styg.
- b. Waar koste wat verminder word nie gebaseer is op deeglike omskryfde redes nie, en volgens deeglike beproefde metodes, geskied nie, dan kan koste vinnig weer groei na 'n oorspronklike bedrag.
- c. Waar daar volgens standaardkoste-metode of begroting gewerk word, kan 'n skielike vermindering van koste die sisteem tot nadeel strek.
- d. Dit kan die personeel se moraal beïnvloed as aan hulle gesê word dat die koste "moet" verminder word. Personeel kan begin twyfel en sodoende vertroue in die besigheid verloor.
- e. Om samewerking te verkry moet almal wat belang het, deeglik ingelig word oor watter koste verminder word, hoe sal dit geskied en hoekom is dit nodig om sodanige koste so dringend te verminder.

5.4 Samevatting

In die hoofstuk is die een belangrike aspek van die wins- en verlieskruispuntanalise behandel, naamlik koste. Die koste-aspek is ontleed en omskryf in terme van koste wat van toepassing is op so 'n projek. In die volgende hoofstuk gaan die ander aspek, naamlik inkomste verder omskryf word.

HOOFSTUK 6

INKOMSTE BELANGRIKE ASPEKTE

SINOPSIS

In die hoofstuk word aandag geskenk aan winsbepaling en die belangrikheid van effektiewe tariefbepaling word ook beklemtoon. Verskillende metodes van tariefbepaling word bespreek en die standaardtariewe wat vir die berekening van die wins- en verlieskruispunt gebruik gaan word, word in tabelvorm weergegee.

- 6. Inkomste Belangrike aspekte daarvan
- 6.1 Inleiding
- 6.2 Winsbepaling
- 6.3 Voordele van winsbeplanning
- 6.4 Beperking van winsbeplanning
- 6.5 Daaglikse inkomste ontvang
- 6.6 Oorsake van die verbrokkeling van n inkomste
 struktuur
- 6.7 Tariefbepaling
- 6.8 Metode van tariefbepaling
- 6.9 Tariewe wat vir die studie se doeleindes gebruik
 gaan word
- 6.10 Inkomste maksimering
- 6.11 Opsomming

6. Inkomste Belangrikste aspekte daarvan

6.1 Inleiding

Inkomste word gedefinieer as die gunstige verskil tussen inkomste verdien en die koste aangegaan wat gelei het tot inkomste wat verdien is. 'n Verandering in wins en 'n verandering in koste gee aanleiding tot 'n verandering in netto inkomste. As 'n produk verkoop word, word koste- en winsveranderings beïnvloed deur die prys en die volume van die produk. As gevolg van die hoeveelheid veranderlikes wat 'n invloed op netto inkomste het, is 'n kritiese ondersoek van wins absoluut noodsaaklik. Daar bestaan selfs 'n moontlikheid dat 'n onderneming homself in bankrotskap in verkoop. Die kritiese ondersoek van wins word winsbeplanning genoem.


Harper, (1974, p.12.) omskryf wins as die: "Difference between selling price and total cost."

Batty, (1974, p.31.) sê: "Profit is the residual amount left after deducting costs from revenue."

6.2 Winsbeplanning

Winsbeplanning word veral effektief gebruik om wins te beplan en koste te kontroleer. Die primêre doel van winsbeplanning is om die boer of bestuur te help om sy uiteindelijke doelwit of doelstelling te bereik. Winsbeplanning kan skematies soos volg voorgestel word:

FIGUUR 6 - 1



herorganisering en- beplanning

Winsbeplanning geskied oor die langtermyn sowel as die korttermyn. Winsbeplanning elimineer nie risiko nie.

want risiko loop altyd hand aan hand met die ekonomie. Effektiewe winsbeplanning stel die boer instaat om onder groter risikotoestande met 'n groter mate van sekereheid te werk.

Faktore wat inag geneem moet word by die vasstelling of bepaling van doelstellings is:

- a. Wins- of verliesyfer word bepaal na aanleiding van beraamde of berekende besetting van vakansiehuise en inkomste wat daaruit verdien gaan word.
- b. Aantal dae wat akkommodasie beset moet wees om al die verbruikskoste te dek en om genoeg inkomste te verkry vir toekomstige behoeftes.
- c. Wat is die huidige gelyksbrekingspunt?
- d. Bedryfskapasiteit benodig om winsdoelstellings te bereik.
- e. Maksimum inkomste wat verkry kan word vir huidige kapasiteit.
- f. Opbrengs op kapitaal belê.

6.3 Voordele van winsbeplanning

Vergelyk ook in die verband:

Matz, Usry & Curry, (1976,p.475.)

- a. Verskaf 'n dissiplinêre benadering om probleme op te los.
- b. Dwing bestuur om vroeë studies oor projek te doen en die instelling van gewoonte van deeglike navorsing voordat enige besluit geneem word.
- c. Winsbeplanning lei tot 'n gevoel van inkomste bewustheid, dit bevorder die koste bewustheid en dit lei tot die maksimum aanwending van beskikbare produksiefaktore.
- d. Winsbeplanning gee geleentheid vir die bestuur (boer) om sistematies elke faset van die besig-

heid deur te gaan. Basiese beleid en riglyne kan periodiek nagegaan en verander word.

- e. Koördineer en korreleer alle transaksies, want geen aktiwiteit se swakhede word so effektief ontbloot soos by die prosedure nodig vir 'n sistematiese begroting nie.
- f. Bystand word verleen deur die aanwending van kapitaal in die winsgewendste kanale.
- g. 'n Hoë standaard van optrede word bevorder deur stimulerende kompetisie wat aanleiding gee tot 'n uiteindelijke doel waarvoor gewerk word, asook aansporing om so produktief as moontlik te werk.
- h. Winsbeplanning lei tot die vasstelling van standaarde om produktiwiteit te meet.

6.4 Beperking van Winsbeplanning

Vergelyk ook in die verband:
Matz, Usry & Curry, (1976,
p. 475 - 476.)

- a. Beplanning, begroting en vooruitskatting is nie 'n eksakte wetenskap nie want enige begrotingsplan gaan hand aan hand met besluitneming van onbekende.
- b. 'n Verandering van beraamde syfer moet slegs gemaak word indien 'n variasie van die beraamde syfer 'n verandering in die syfers waarborg.
- c. Alle personeel se deelname en samewerking word benodig vir 'n winsbeplanningsprogram. 'n Basiese vereiste vir sukses is die bestuur (boer) se absolute samewerking en entoesiasme by die opstel van die program.
- d. Die rol van administrasie in 'n besigheid word nie geëlimineer of oorgeneem deur winsbeplanning nie.
- e. Installering neem tyd. Dikwels gebeur dit dat die bestuur ongeduldig word en dan belangstelling verloor omdat daar nie na die moontlike langtermyn resultate gekyk word nie. Die begrotingsplan moet

aan verantwoordelike persone oorgedra word en hulle moet dan gelei en opgelei word in die fundamentele stappe, metodes en doelstellings van 'n begrotingssisteem.

6.5 Daaglikse inkomste ontvang

Inkomste ontvang moet daaglik nagegaan word. Inkomste moet gegroepeer word in verskillende kategorieë, indien vir meer as een aktiwiteit geld ontvang word. Rekordhouding kan deur middel van kasregister, strokies, geskrewe kwitansies, toegangskaartjies of enige ander metode geskied. Al vereiste is dat die metode wat gebruik word voorsiening maak vir rekonsiliasie en kontrolering, soos byvoorbeeld die voorafnommer van kaartjies.

6.6 Oorsake van die verbrokkeling van 'n inkomtestruktuur

Vergelyk ook in die verband!
Tucker, (1965, p.93 - 95.) asook
van Niekerk, (1968, p.254.)

Enige toevoeging van koste of die vermindering van inkomste sal 'n inkomtestruktuur laat verander. Daar bestaan egter 'n paar areas wat werklike konsentrasie deur bestuur vereis.

a. Buitensporige eiendomsverbetering

Grondverbetering in so 'n mate dat daar nou meer gereeld onderhoud moet geskied, daar ontstaan gevolglik addisionele onderhoudskoste, byvoorbeeld eksotiese veranderinge aan binne- en buite geboue en 'n ventilasiesistelsel. Die verbetering is van so 'n aard dat dit nie werklik nodig is nie.

b. Buitensporige okkupering

Bou van addisionele kamers wat nie nodig is nie. Foutiewe beplanning by bou van huis. Die boer bou 10 rondawels en hy besef dat daar slegs 'n

n vraag na vyf sal wees.

c. Buitensporige produksie uitbreiding

Dit behels die onnodige aanbou van kamers en rondawels sonder om navorsing te doen of daar n vraag gaan wees na die fasiliteite. Modernisering van fasiliteite waar dit nie werklik nodig is nie.

d. Buitensporige verkoopskoste

Die indiensneming van personeel wat nie werklik nodig is nie, is n voorbeeld hiervan.

Waar n boer slegs twee rondawels vir vakansies wil verhuur, is dit onprakties om die rondawels oor die televisie te adverteer. Die doel heilig in dié geval beslis nie die middele nie.

e. Buitensporige produksiekoste

Die aankoop van meubels teen n baie hoë prys, terwyl meubels teen n laer prys aangekoop kan word wat presies dieselfde funksie as die duurder meubels vervul, is n goeie voorbeeld hiervan.

f. Buitensporige administrasiekoste

Dit is gewoonlik die gevolg van onvolledige en swak boekhouding.

6.7 Tariefbepaling

Die vasstelling van n tarief vir dienste en geriewe wat verhuur word is een van die belangrikste aspekte van finansiële bestuur. Die boer se inkomste word bepaal na aanleiding van die aantal dae wat geriewe en dienste aan toeriste verhuur word. Dit beklemtoon slegs die belangrikheid van tariefbepaling, want as die tariewe te laag is maak die boer nie maksimum wins nie

en as dit te hoog is, kan dit die stedeling laat besluit om op 'n ander plek vakansie te gaan hou. Aangesien die projek 'n nuwe tendens in die Suid-Afrikaanse toeristebedryf in lei, kan dit allermens bekostig word om die toeriste op so 'n vroeë stadium af te skrik.

Die bepaling van die tarief wat gevra moet word, word beïnvloed deur die volgende faktore:

- a. Wetlike beperkings indien daar is;
- b. Hoeveel dit sal kos om akkommodasie te verskaf, ook in terme van voedsel en oorhoofse koste. Dit sluit in: arbeid, versekering, brandstof, posgeld, skryfbehoeftes, advertensie, instandhouding, badkamerbenodigdhede, skoonmaak materiaal en klerewaskoste.
- c. Die opbrengskoers wat die bestuur voel is genoeg vir tyd en energie bestee aan projek.
- d. Geriewe byvoorbeeld private badkamer, sal lei tot 'n hoër tarief.
- e. Afhangende van die tariewe wat ander soortgelyke vakansie-oorde vra.

6.8 Metodes van tariefbepaling

Daar bestaan drie basiese metodes om tariewe te bepaal.

- a. Tariewe gebaseer op kompetisie

Die tariewe van omliggende vakansie-oorde kan as 'n basis gebruik word.

- b. "Charge what the traffic will bear"

Die metode behoort slegs te werk indien die onderneming die enigste een in die omgewing is of indien daar 'n groter vraag na die tipe vakansie is, as wat geakkomodeer kan word.

- c. Gebruik 'n formule ontwikkel deur Hubbard, vir die Hotel - Motel industrie, in die laat 1950's en wat vandag nog in gebruik is. (Todd, 1964,p.64.)

Die stappe wat gevolg kan word.

STAP 1

Bepaal die koste van grond, konstruksie en ontwikkeling en dietyd wat dit behoort te neem om die koste terug te betaal. Sluit rente in.

Voorbeeld

Koste van kampeerterrein R17000

Terugbetalingsperiode 10 jaar teen 10% per jaar.

Die koste per jaar beloop, om belegging af te betaal, dus R1000 plus rente per jaar van R1700.

STAP 2

Bepaal die totale kapitale belegging wat benodig word vir die projek. Dit is die geld benodig vir kontantvloei, voorraad, ensovoorts. Hier word aangeneem dat die inkomste uit die belegging die koste van die projek sal dek, sê R1500.

STAP 3

Tel stap 1 en stap 2 bymekaar -
R1700 plus R1500 is gelyk aan R2200

STAP 4

Bepaal die vaste opbrengskoers op kapitaal en vermenigvuldig die persentasie met R2200, soos in stap 3 bereken. (Opbrengskoers is gelyk aan 15%)

Dus : $R2200 \times 15\% = R330$

STAP 5

Bepaal die aantal kampeerplekke wat volgens verwagting beset sal word deur die verloop van die seisoen. Daar bestaan tien kampeerplekke en die besettingspersentasie

is 70%. Dit word vermenigvuldig met die aantal dae van die seisoen.

Dus : 70% x 10 x 90 dae = 630 kampeerplekke.

STAP 6

Deel die getal kampeerplek dae deur die opbrengs verlang. Die koste per kampeerplek beloop:

$$\frac{330}{63} = R5,24$$

Die tarief wat gevra moet word ten einde gelyk te breek beloop R5,24. Enige bedrag wat die boer bo die tarief vra, kan die boer in sy sak steek.

Opmerking: Navrae kan gedoen word by persone wat ondervinding het en sodoende kan n idee gevorm word van wat die gemiddelde tariewe min of meer beloop.

6.9 Tariewe wat vir die studie se doeleindes gebruik gaan word

Die tariewe word bepaal aan die hand van navorsing wat gedoen is om te kyk watter tariewe vakansie-oorde vir soortgelyke akkommodasie vra:

TABEL 6 - 1 Tariewe wat vir berekening doeleindes gebruik word

AKKOMMODASIE TIPE		TARIEF BINNE SEISOEN.
1	Vertrek in woonhuis en etes	R28,00
2	Houthuis	27,00
3	Asbeshuis	30,00
4	Steenhuis	33,00
5	Woonstel	20,00
6	Karavaanpark en kampeerterrein per staanplek	6,50
7	Rondawel	25,00

Bron: Eie navorsing, 1982.

Opmerking: Namate die projek vorder kan goedkoper tariewe vir buite seison tye beskikbaar gestel word.

6.10 Inkomste maksimering

6.10.1 Inleiding

Inkomste maksimering word nie net van een kant af gedoen nie, maar dit gaan hand aan hand met koste minimisering. As die koste die minimum is, dan behoort in 'n goed bestuurde onderneming die inkomste maksimaal te wees.

6.10.2 Daar kan verskeie beginsels gevolg word om inkomste te maksimeer. (McIntosh, 1969, p.5.)

- a. Verbeter die inkomstekoeers op verkope/verhuring. Dit kan gedoen word deur of die huur tariewe te verhoog, of die besetting van geriewe te verhoog, met ander woorde 'n verhoogde vraag.
- b. Verminder uitgawes proporsioneel meer as verkope. 'n Veilige en volledige analise behoort die gebiede waar besnoei en uitgebrei moet word duidelik uitwys.
- c. Verhoog omset - Voorsien en verskaf geleenthede dat meer individue met dieselfde fasiliteite en personeel gehelp kan word.
- d. Verminder die beleggings in sekere bates soos deur 'n gebou vir meer as een doel te gebruik, bruikhuur uitrusting en ander voorbereiding.

6.10.3 Die volgende voordele van 'n begroting moet gebruik word ten einde maksimum wins te behaal.

- a. Die voorbereiding van 'n begroting dwing die boer en sy vrou om mee te doen in beplanning. Die boer moet vooruit skat, en die doel van die projek moet duidelik omskryf word in finansiële terme.
- b. Die gebruik van 'n begroting lei tot die koördi-

nering van aktiwiteite van die besigheid.

- c. Die implimentering van n begroting verskaf n instrument vir kontrole-doeleindes.
- d. Die tegnieke wat gebruik word om te begroot dwing die boer om n deeglike ondersoek in te stel na die gebruik van arbeid en kapitaal.
- e. Die gebruik van begroting resultate lei tot n bestuur wat meer kostebewus is. Die klem val by begroting nie so seer op die vermindering van koste nie, maar eerder die maksimisering van langtermyn winste.

Vergelyk ook in die verband:
Neuner, (1977, p.361.)

Alle aspekte van die begroting moet gebalanseer word ten einde maksimum wins voordeel te trek.

6.11 Opsomming

In die hoofstuk en in hoofstuk 5 is al die bestanddele wat nodig is vir n wins- en- verlieskruispuntanalise omskryf en weergegee. In die volgende hoofstuk gaan die inligting prakties in die vorm van n wins- en- verlieskruispuntanalise toegepas word.

HOOFSTUK 7

n WINS- EN- VERLIESKRUISPUNTANALISE VAN AKKOMMODASIETIPES

SINOPSIS

In die hoofstuk word bepaal hoeveel dae n akkommodasie beset moet wees ten einde gelyk te breek, met ander woorde voordat die jaarlikse vaste koste gedelg is. Daar word gekyk na sewe verskillende soorte akkommodasiegeriewe. Die rentabiliteitspersentasie word ook bepaal ten einde te bepaal watter alternatief die beste moontlikhede toon.

- 7. Wins- en- verlieskruispuntanalise van akkommodasie-
types
- 7.1 Inleiding
- 7.2 Die elemente van n wins- en- verlieskruispunt-
analise
- 7.3 Metodes vir die berekening van die gelykbrekings-
punt
- 7.4 Die tydsgebondenheid van n wins- en- verlieskruis-
puntanalise
- 7.5 Die vernaamste aannames waarop die tegniek gegrond
is
- 7.6 Die gebruike van n wins- en- verlieskruispuntanalise
- 7.7 n Wins- en- verlieskruispuntanalise van verskillende
akkommodasietipes wat verhuur word asook die bere-
kening van die rentabiliteitsverhouding
- 7.8 n Ontleding en gevolgtrekking vanuit die wins- en-
verlieskruispuntanalise

7. Wins- en- verlieskruispuntanalise van akkommodasie-
tipes

7.1 Inleiding

Die gelykbrekingspunt kan in algemene ekonomiese
terme omskryf word as:

- a. Die punt of verkoopsvolume waar verlies ophou en
waar wins begin: (Crowningshield & Gorman, 1974,
p.35.)
- b. Waar wins gelyk is aan nul: (Matz, Usry & Curry,
1976, p.741)
- c. Daardie bedrag en tipe verkope waar die bydra pre-
sies gelyk is aan die vaste koste wat gedek moet
word: (Gillespie, 1957, p.628.)

Die doel van die wins- en- verlieskruispuntanalise in
die studie is om die aantal dae te bepaal wat akkommo-
dasie beset moet word voordat wins gemaak kan word.
Dit kan die boer ook help in die bepaling van tariewe
ten einde genoegsame inkomste per jaar te verdien. Dit
kan as aansporing vir die boer dien en hom op hoogte
hou met betrekking tot die posisie waarin hy op daar-
die stadium verkeer.

7.2 Die elemente van n wins- en- verlieskruispuntanalise

Vergelyk in die verband:
Van Niekerk, (1968, p.125 -
150.)

7.2.1 Besettingsvolume

Die besettingsvolume is die aantal dae wat n akkommo-
dasie verhuur word gedurende die jaar.

7.2.2 Inkomste uit verhuring

Die aantal dae gedurende die jaar waartydens n akko-

modasie beset word, vermenigvuldig met die tarief sal die inkomste uit verhuring aandui. (Verwys na hoofstuk 6.)

7.2.3 Koste

Die koste sluit alle koste behalwe inkomstebelasting in. Die koste word verdeel in vaste- en veranderlike koste. (Verwys na hoofstuk 5.)

7.2.4 Bydraeverhouding

Bydra word gedefinieer as die bedrag wat oor bly nadat veranderlike kostes gedelg word.

Gevolgtlik is verkope minus veranderlike koste gelyk aan bydrae. Die bydrae verhouding word woos volg bepaal:

$$\frac{\text{Verkope minus Veranderlike koste}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$$

Formule van bydrae per dag.

Vergelyk in die verband:
Van Niekerk, (1968, p.165 - 175.) Vir die basiese berekenings vir n wins- en verlieskruispuntontleding.

7.3 Metodes vir die berekening van die gelykbrekingspunt

7.3.1 Grafiese metode

Vergelyk in die verband:
Horngren, (1977, p.46 -49.)
Matz, Usry & Curry, (1976, p.745 - 749.)
